Die Ontsluiering Van God

Laat ons bly staan net ’n oomblik terwyl ons ons hoofde buig vir gebed.

2 Ons Dierbare Here, ons is inderdaad dankbaar vandag vir hierdie voorreg wat ons het om onsself saam te vergader op die aarde voor die Koms van die Here. Mag ons ons harte vandag ondersoek, volgens U Woord, en kyk of ons in die Geloof is, dat ons gereed mag wees, dat, die uur van Sy Verskyning. Dat ons sal wees soos die Skrif gesê het sou wees: “Saam weggeraap, met hulle wat slaap, en die Here in die lug ontmoet, en vir ewig saam met Hom wees.”

3 Ons dank U vir die ware Christen Gees wat steeds in die wêreld is, onder die mense, dat hulle U en U Woord steeds glo. So ons vra U seëninge oor ons vandag, dat U aan elkeen van ons dit wat ons nodig het, sal uitgiet, dat ons deur die Woord benat kan word, dat ons mag groei in gebruiksinstrumente in U hande, vir hierdie laaste dag. Want ons vra dit in die Naam van die Here Jesus Christus, ons groot Herder, wat ons na uitsien om te verskyn. Amen.

4 Julle mag maar sit. En ek wil sê dat ek hierdie as ’n groot voorreg beskou vanmôre om weer hier te wees. En jammer dat ons nie die genoegsame sitplek het nie. En ons gaan probeer, vanaand, nou om gebed vir die siekes te hê; vandag, vanmôre, sou dit ’n bietjie moeilik wees.

5 En—en ek sou hierdie Boodskap vandag opgeneem het. Ek. . . Die Here het blykbaar met my gehandel daaroor, o, ’n maand of twee gelede, en dis lank. En ek het nie die tyd buite in die byeenkomste nie, want ons laat dit vir dertig, veertig minute van diens toe. En dan ons. . . As gevolg van die mense wat moet werk toe gaan en dinge, het ek dit beter gevind as ek my Boodskappe kort maak. En hulle het nie daarbuite tyd gehad om dit op te neem nie, so ek het gedink ek sal net wag totdat ek by die tabernakel gekom het en dit dan hiervandaan opneem. En dis ’n bietjie lank, en ek weet julle staan, en ek—ek gaan net opskud so vinnig as wat ek kan. En, nou, julle sal my nie pla as julle sitplekke omruil, of wat ook al nie, dit sal—dit sal heeltemal in die haak met my wees omdat hierdie ’n spesiale dag is wat ons net hierdie opnames maak.

6 En so het ons goeie verslae van wat die Here buite in die veld gedoen het, maar ons sal waarskynlik meer daarvan vanaand gee, wanneer ons meer tyd daaraan kan wy, meer tyd het om te bestee.

7 En nou vertrou ons dat die Here elkeen van julle sal seën. Ek weet julle harte is vol vreugde, in die uitsien na die Koms

van die Here. En myne ook, borrel oor, om dinge te sien gebeur op die manier wat hulle gebeur. En—en nasionale struweling, en die kerk in die toestand waarin dit is, en sien die tekens van Sy Koms, beide fisies en geestelik, en wetende dat hierdie tyd van Sy Verskyning so naby is, vul dit net ons harte met vreugde om te weet dat ons een van hierdie dae verander gaan word. Ons gaan verander word van hierdie skepsels wat ons is.

8 Nou, ek glo, as ek verstaan, hulle het 'n telefoon aansluiting iewers, dat hierdie Boodskap in Phoenix ingaan en na—en na verskillende dele, per telefoon. En so nou vertrou ons dat as dit so. . .Ek weet nie; het my dit net vertel voor ek ingekom het. En—en al die mense daarbuite geniet waarlik goeie gesondheid en—en die Heerlikheid van die Here oor hulle.

9 En nou—nou gaan ons die Woord van die Here oopmaak. En waarvoor ons almal hier is, is om onsself te geniet en om ag te gee na wat ons is. . .Ons—ons het nooit hier gekom en ons. . . Niemand wat teenwoordig is weet dat enige mens sou sit in hierdie hitte soos hierdie, en net vir die idee om hier te wees nie. Ons is hier vir een doel, en dit is: "nader wandel met God." Dis al wat ons kan doen, is om te glo die Here Jesus is met ons. En ons is hier om—om nader aan Hom te wandel.

10 Nou hierdie hitte is 'n klein bietjie hard op my. Ek het soort van gewoond geraak aan daardie droë hitte daarbuite in Tucson, wat is. . .Die humiditeit hier nou; ons hitte daar is baie warmer as hierdie, maar dis droog. Ons humiditeit is somtyds een twintigste van een persent, miskien, iets soos dit, net omtrent soos om onder 'n suurstoftent te woon. Maar hier het dit die—die—die vogtigheid daarin, en dit laat jou net soort van "heeltemal uitgewas" voel, soos ons dit sou noem. So dis hard op julle, so ek weet dit, en julle moeders met die klein babatjies en julle mense wat daar staan, oud en jonk, en saam gesit soos julle is. En nou hoop ons—ons dat God julle ryklik sal beloon vir julle opoffering.

11 Ek verstaan dat Broer Roy Borders hier iewers is. Ek het hom aangekondig gehoor, maar ek reken hy kon miskien nie inkom nie. Goed. Dis die bestuurder van die dienste.

12 So nou wil ons ook aankondig dat een, wat onder ons was, gegaan het om by die Here te wees, vanmôre, 'n man Broer Jackson van Sturgis, Michigan. Niemand weet hoe hy gegaan het of wat daarvan nie. Dit het net goed gegaan met hom, en hy net. . .ek dink hulle het hom dood aangetref, of iets. Ek—ek het nie die volle besonderhede daarvan gekry nie. En ons is baie dankbaar teenoor God dat Broer Jackson 'n Christen was. Ek het hom vir verskeie jare nie gesien nie, maar hy het onder ons gesit en hy is een van ons. God gee sy dapper siel rus! Gegaan soos daardie, ons glo dat miskien dat dit iets was, dat dit tyd

was vir hom om te gaan. Die Here het ons nooit daaroor gewaarsku nie, of hom daarvan nie, hy het net gegaan. Dit is hoe dit was. En ek wil net sy vrou bel so gou as ek kan, en haar van ons hartseer vertel. En ons wil almal God dank vir sy dapper Christenlewe, en wat hy hier op aarde beteken het, en veral aan ons hier in hierdie plaaslike gemeente.

13 Nou vanaand, ek het aangekondig daar sal gebed vir die siekes vanaand wees, en ek sal meer omtrent die siekes vanaand praat.

14 Maar vir hierdie tyd, laat ons nou reguit in die Woord ingaan, want dit is vol en warm. Ons sal net reguit na die Woord gaan. Ek wil uit twee Skrifgedeeltes vanmôre lees, lank, sodat dit my 'n klein agtergrond kan gee oor wat ek wil sê.

15 En, nou, ek wens dat hulle die band sal terughou, Broer Sothmann en hulle, voor hulle dit verkoop, indien moontlik, en ek—ek sou daarna wou luister voordat ons. . . voordat dit na die publiek uitgaan.

16 Nou in. . . Ek wil lees uit Filippense, die 2de hoofstuk, 1 tot 8; en Tweede Korinthiërs 3, vanaf 6, en lees tot in die 4de hoofstuk van Tweede Korinthiërs, net vir 'n agtergrond. Nou in Filippense, 2de hoofstuk, sal ek eerste lees.

Voor ons lees, laat ons bid.

17 Here Jesus, U Woord is Waarheid. En in hierdie moeilike uur, waarin ons leef, nasie teen nasie, pes, aardbewings in baie plekke, mense se harte wat faal, vrees, sien ons die handskrif teen die muur. Nou, dit is in die natuurlike sfeer, dat die hele wêreld dit behoort te sien. Maar nou is daar 'n geestelike sfeer, ook, en ons sien die groot gebeurtenisse, en ons wil vandag van hulle praat.

18 Seën U Woord aan ons hart. Ons weet dat daar geen mens in die Hemel of in die aarde is wat waardig is om hierdie Boek te neem, om die Seëls los te maak, of selfs Daarna te kyk nie. Maar daar was Een wat verskyn het, 'n geslagte Lam, bloederig, wat gekom het en die Boek geneem het, en was waardig en in staat om Dit te open. O Lam van God, open U Woord aan ons harte vandag, vir troos. Ons is U dienaars. Vergewe ons sondes, Here. En enigiets wat die Woord sou weerhou om uit te gaan met groot krag en invloed in ons lewens vandag, neem dit weg, Here, enige hindernis, dat ons volle toegang tot al die seëninge mag hê wat deur U Woord aan ons belowe is. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

19 Filippense 2.

> *As daar enige troos in Christus is, as daar enige vertroosting van die liefde, as daar enige gemeenskap van die Gees, as daar enige tederheid* van *ontferming is,*

maak dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van—van sin.

Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.

Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n.

Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.

Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie,

maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mens *gelyk geword;*

en in gedaante gevind as 'n mens het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.

20 Nou as ons nou sal oorblaai na Tweede Korinthiërs, die 3de hoofstuk, ons sal begin met die 6de vers, en dit lees tot die 18de, en af na deel van die 4de hoofstuk.

wat ons bekwaam gemaak het as dienaars van 'n nuwe testament, nie van die letter nie, maar van die gees; want die letter maak dood, maar die gees maak lewend.

En as die bediening van die dood, met letters op klippe gegraveer, in heerlikheid was, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die aangesig van Moses nie vanweë die heerlikheid van sy aangesig, wat tog moes vergaan,

hoeveel te meer sal die bediening van die gees dan nie in heerlikheid wees nie?

Want as die bediening van veroordeel, heerlik *was, veel meer is die bediening wat regverdig maak, oorvloedig in heerlikheid.*

Want wat verheerlik was, is ook in hierdie geval nie verheerlik nie, vanweë die alles oortreffende heerlikheid.

Want as wat moes vergaan, heerlik *was, veel meer* het . . . *wat moet bly in* heerlik.

Terwyl ons dan sodanige hoop het, moet *ons* grootliks . . . *vrymoedigheid, baie vrymoedigheid;*

nie soos Moses nie, wat 'n bedekking oor sy aangesig gesit het, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die einde van wat vergaan het *nie.*

Maar hulle sinne is verward. Want tot vandag toe bly by die lesing van die ou testament die selfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Christus vernietig word.

Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar 'n bedekking oor hulle harte*;*

maar wanneer hulle tot die Here bekeer word*, word die bedekking weggeneem.*

Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here . . . daar is vryheid.

En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is.

Daarom, aangesien ons hierdie bediening het, volgens die barmhartigheid wat ons ontvang het, gee ons nie moed op nie.

Maar ons het van die heimlike dinge en die skandelike*, afstand gedoen, en ons wandel nie in listigheid of vervals die woord van God nie; maar deur die waarheid aan die lig te bring,* veroordeel *ons ons by elke menslike gewete voor God aan.*

Maar as ons evangelie dan bedek is, is dit bedek in dié wat verlore gaan,

21 Mag die Here Sy seëninge byvoeg by die lees van Sy Woord!

22 Nou, my onderwerp vanmôre, ek vertrou dat God dit sal openbaar. En elke keer, as julle wat die bande neem en luister, en ek hoop en vertrou dat—dat julle 'n geestelike begrip gehad het van wat God probeer oorbring het na die Kerk sonder om dit reguit uit te sê. Sien? Dis 'n ding, party maal, moet ons dinge op so 'n manier sê dat dit mag afwater, dit sou party laat uitgaan, party laat weggaan, en party om—om—om na te dink. Maar dit word opsetlik gedoen. Dit moet so gedoen word.

23 Dan mag dit wees dat sommige sou sê: "Jy bedoel dat God opsetlik 'n ding soos daardie sal doen?" Hy het sekerlik. Hy doen dit nog.

24 Hy het eendag gesê, toe Hy duisende om Hom gehad het, het Hy gesê: "Behalwe as julle die Vlees van die Seun van God eet, of Seun van die mens, en Sy Bloed drink, het julle geen Lewe in julle nie."

25 Watter soort van 'n stelling dink julle dat 'n mediese dokter of 'n verpleegster, of enige goeie intellektuele persoon sou dink van 'n stelling soos daardie, vir 'n Man wat 'n bediening gehad het soos Hy gehad het? Tog, hy sou sê: "Eet die vlees? Dis

kanibaals! Om menslike bloed te drink? Dis ’n vampier! Met ander woorde, Hy wil hê ons moet kannibale en vampiere wees.” En die hele gehoor het weggeloop van Hom.

26 En daar was ’n predikersvereniging saam met Hom, van sewentig, wat gekies was. En Hy het na hulle gedraai, en Hy het gesê: “Wat sal julle dink wanneer julle die Seun van die mens sien opvaar waarvandaan Hy gekom het?” Nou, Hy het dit nie verduidelik nie. Hy het nooit verduidelik *hoe* nie; Paulus het dit later gedoen. Hy het Dit net gesê. Sien? En dan wanneer dit, het Hy gesê: “Wat sal julle sê,” aan hierdie predikers: “wanneer julle die Seun van die mens sien opvaar waarvandaan Hy gekom het?”

27 Sonder twyfel het daardie mense gesê: “Nou, net ’n oomblik. O, ons eet saam met Hom. Ons vang vis saam met Hom. Ons slaap saam met Hom. Ons—ons weet waar Hy gebore is. Ons het die wiegie gesien waarin Hy—Hy gesus was. En hoe kan hierdie Man . . . Hierdie is ’n harde gesegde.”

28 En die Bybel het gesê: “Hulle het nie meer saam met Hom gewandel nie.” Hulle het Hom verlaat.

29 Toe het Hy twaalf oorgehad. Hy het twaalf gekies, en een van hulle was ’n duiwel, het Hy gesê. So Hy het na hulle gedraai.

En daar was niemand wat kon verduidelik wat Hy pas gesê het nie. “Hoe gaan hulle Sy Vlees eet en Sy Bloed drink? En hoe het Hy afgekom, wanneer Hy reg hier op aarde gebore was?” Sien? Hulle kon Dit nie verstaan nie.

En toe het Hy gedraai na die apostels, en Hy het gesê: “Wil julle ook weggaan?”

30 En dis toe Apostel Petrus daardie groot stelling gemaak het: “Here, na wie toe sal ons gaan?” Sien? “Want ons is tevrede. Ons weet verseker dat U, en U alleen, die Woord van die Lewe vir hierdie uur het.” Sien? “En ons is tevrede daarmee.” Sien, hulle kon Dit nie verduidelik nie. Hulle . . .

Jy kan nie geloof verduidelik nie. Dis iets wat jy glo, en dis so solied, dat daar niks anders is wat die plek daarvan kan inneem nie.

Daarom, hulle het geweet dat die Woord wat geskryf is vir daardie eeu waarin hulle gelewe het, die Messiaanse eeu, dat Hy presies in daardie plek gepas het. En wat kon hulle doen om terug te gaan in daardie koue, formele kerke waaruit hulle gekom het? Gesê: “Waarheen sal ons gaan?” Sien? “Ons is ten volle oortuig dat U die Woord van die Lewe het.” Sien? En hulle—hulle kon Dit nie verduidelik nie, maar hulle het Dit geglo. Sien?

31 En Jesus het dit gesê om Sy skare uit te dun, sien, sodat Hy die groep bymekaar kon kry. En uit al daardie mense, hulle, net elf van hulle het toe werklik verstaan Wie Hy was. Hulle het geweet Hy was God, en God alleen. Nou, die . . .

32 My onderwerp vanmôre is om te openbaar, of, God te ontsluier.

33 God het altyd, in elke eeu, weggekruip agter 'n sluier, alle eeue, maar Hy was altyd God. Sien? Maar Hy het Homself weggesteek gehou van die wêreld, en openbaar Homself aan Sy Uitverkorenes, soos die apostels van daardie dag. Nou, dit was God wat in Christus gespreek het.

34 Nou, mense het altyd, dit was die natuur van die mens, hy het gesoek om (fisies) daardie God te sien. Hy wou Dit altyd sien. Die mens het skepsels gemaak wat soos Hy lyk. Hulle dink aan 'n . . . Die Indiane aanbid die son. En—en ons vind, in Afrika, verskillende vorme van diere, ensovoorts. En bo . . . Die totempale in Alaska, en—en verskillende vorms waarin hulle dink hierdie God is. Soos Paulus gepraat het by Athene daardie keer, op die Areópagus, en hulle vertel het dat hulle bygelowig was omtrent hierdie onbekende God, dat, hulle geweet Hy was daar, maar tog het hulle Hom nie geken nie.

35 En so vind ons selfs so ver terug as Job. Job het geweet daar was 'n God. Hy het dit geweet. En daar is nie 'n—'n—'n mens, by hulle regte verstand, maar wat weet dat daar Iets iewers moet wees. En, nou, Job wou met Hom praat.

En ek wil hê julle moet oplet na die vorm waarin God gekies het om met Job te praat. God was versluier toe Hy met Job gepraat het. Hy was versluier in 'n warrelwind, het afgekom in 'n warrelwind. Glo julle dat God steeds kom in 'n warrelwind? . . . ? . . . [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

36 Daar is verskeie wat hier sit, 'n getal, wat saam met ons die ander dag was, toe Hy in 'n warrelwind gekom het. Ons die vorige dag vertel, Broer Banks Woods, en hulle, toe Hy gesê het: "Tel hierdie klip op, gooi dit in die lug op, en sê: 'SO SPREEK DIE HERE! Jy sal dit dadelik sien.'" En ek het die klip opgetel, bo—op die berg, dit in die lug opgegooi, en die . . . natuurlik, afgekom, het dit die warrelwind laat begin, sien, die suigkrag daarvan.

37 Jy moet iets doen om iets dit te laat volg. Jesus het 'n stukkie brood geneem en dit gebreek, toe van daardie stukkie brood af vermeerder. Hy het water geneem, dit in 'n beker gegooi. Elía het sout geneem, dit in 'n kruik gesit; 'n stok afgesny, dit op die water gegooi. Dis iets om voor te stel.

En met die optel van hierdie klip en die gooi daarvan in die lug, en die afkom, het die warrelwind laat begin.

38 Die volgende dag, wel, daar was ’n prediker saam met ons op ’n jagtog. Hy het naby gestaan, en hy het vir my gesê: “Gee die Here visioene hierbuite soos dié, Broer Branham?”

39 Ek het gesê: “Ja, maar ek kom gewoonlik hierheen om te rus.” En net toe het die visioen gekom.

40 En Broer Borders, ek dink hy’s buitekant nou, hy was saam. Broer Banks Woods, dink ek, en, o, verskeie was daarbo, agt of tien. En Banks Woods, wat uitkyk hiervoor. Reg op die berg, reg oorkant, presies, omtrent een halfmyl waar die sewe Engele verskyn het, toe het ek hier weggegaan om soontoe te gaan vir, dit het teruggekom en vertel die . . . omtrent die Sewe Seëls. Net omtrent ’n halfmyl van daar af.

41 En toe, die volgende dag, toe dit aan die gang was, wel, die . . . ek het gesê aan broer, hierdie broer, ek het gesê: “Wat jou probleem is, jy het ’n allergie in jou oog. Die dokters het vir ’n paar jaar probeer om dit te stop, en hulle kan dit nie doen nie. Hulle sê jy gaan . . . dit gaan jou oog wegvreet.” En ek het gesê: “Maar moenie bekommer, die Here Jesus het jou geloof geëer.” En hy het net sy geweer laat val. En ek het gesê: “jou moeder,” net wat sy was, en wat verkeerd met haar was.

En hy het gesê: “Dis die waarheid.”

42 Broer Roy Roberson van die kerk hier, wat daar teenwoordig was, ek reken almal van julle ken hom. Met die wete dat hy ’n veteraan was, en met die wete wat sou gebeur, het ek my hand op sy skouer gesit; ek het gesê: “Broer Roberson, wees versigtig, kyk, iets is gereed om te gebeur.”

43 Ek het teruggeloop tot waar ek veronderstel was om te staan, en uit die lug het ’n warrelwind gekom, af deur die vallei, van bo af, wat so verskriklik was, totdat dit die rotse uitgeruk het, agt of tien duim in deursnee, uit die bokant van die berg, en hulle tweehonderd jaarts versprei het na binne. En drie keer geklap soos dié, en ’n Stem het daaruit gekom. Sien?

44 En almal van hulle wat daar gestaan het. Broer Banks, nou teenwoordig, het opgekom en gesê: “Is dít wat jy my gister vertel het?”

Ek het gesê: “Ja, meneer, dis dít.”

Hy het gesê: “Nou, wat het Dit gesê?”

45 Ek het gesê: “Nou, dis net vir my om te weet, Broer Banks, sien, want dit was . . . Dit sou mense bang maak.”

46 Maar Dit het weer voortgegaan, dit het gebeur net ’n bietjie . . . noordwaarts beweeg. ’n Bietjie, paar dae later het Dit in die oseaan getref, en julle het gesien wat gebeur het rondom Fairbanks. Dit was ’n oordeelsteken. Nou vind ons dat—dat God steeds . . . Julle sien, dit sou mense in panieke laat

beland. En so het hulle dan gehad . . . Dit moes gebeur, sien. Dit moet net gebeur. Die dinge wat moet gebeur moet gebeur, in elk geval. Sien, dit gaan gebeur, in elk geval.

47 Moses het eenkeer begeer om God te sien, en God het vir hom gesê om op 'n rots te staan. En, op die rots, het Moses gestaan en hy het God sien verbygaan, en Sy rug het soos die rug van 'n man gelyk. God was in 'n warrelwind, en God . . . terwyl Moses op die rots gestaan het.

48 Ek reken julle het almal die foto daarbuite gesien, die ander dag, ons het gestaan by daardie selfde rots. En hier is daardie Lig, die Engel van die Here, net daar waar Dit geklap het. Gestaan . . . Dis nou reg daar op die kennisgewingbord, weer.

49 Let op, Jehova van die Ou Testament is Jesus van die Nuwe Testament. Sien? Hy is dieselfde God, wat net Sy vorm verander.

50 Nou, iemand het die ander dag gesê, 'n—'n—'n Baptiste prediker, buite in Tucson: "Hoe kan jy sê dat—dat Jesus en God dieselfde Persoon sou wees?"

51 Ek het gesê: "Wel, dis baie maklik as jy net jou eie denke laat verdwyn, en die Bybel terme daarvan dink. Hulle is een—en—dieselfde Wese. God is 'n Gees; Jesus is die liggaam waarin Hy versluier was. Sien?" Ek het gesê: "Soos in my huis. Aan my vrou, is ek haar man. En ek het 'n jong dogter, Rebekka, ek is haar vader. En ek het 'n kleinseun, en sy naam is Paul, en ek is sy oupa. Ek is 'n man, vader, en oupa. En my vrou het geen aanspraak op my as vader of oupa nie; sy het aanspraak op my alleenlik as man. En my dogter het geen aanspraak op my as man of oupa nie; sy is my kind. Sien? Maar tog is al drie hierdie persone dieselfde persoon. Sien? Dis God; Vader, Seun, en Heilige Gees, is net die bedeling aansprake." God is dieselfde, dieselfde God.

52 God het Homself verander, verander Sy vorm. As julle oplet hier in Filippense, het Hy gesê: "Het dit geen roof geag, maar het die *vorm* van die mens aangeneem."

53 Nou, die Griekse woord daar vir daardie *vorm*, ek het heeldag gister daarna gekyk, probeer uitdink wat dit was, ek vind, gekom met hierdie woord van "en morphe." Dit word gespel e—n m—o—r—p—h—e. Gekyk in die Grieks, om uit te vind wat en morphe was . . . Ek mag dit verkeerd uitspreek, maar rede waarom ek dit spel, wanneer as daar 'n band uitgegee word, sal die mense, sal geleerdes, weet wat ek—ek bedoel daarmee. Hy, toe die en morphe, dit beteken dat Hy Homself verander het. Hy, Hy het afgekom. Nou, die Griekse woord daar beteken, dat: "Iets wat nie gesien kon word nie, tog is dit daar, en dan word dit verander en die oog kan dit opvang." Sien?

54 Soos Elía was by Dotan. Sien, die dienaar kon nie al daardie Engele daar rondom sien nie, en God het net verander; nie die Engele afgebring nie, maar Hy het die sig van die dienaar verander. En daar was die berge vol Engele, en vuur, en vuurperde, en vuurwaens, reg rondom Sy profeet. Sien, hulle, Hy het die sig verander. Die—die ding is alreeds daar.

55 So, dit wat ek probeer sê, dat God wat altyd was, is hier. Die enigste ding wat Hy gedoen het toe Hy mens geword het, Hy het Sy masker verander. Sien? Hy—Hy, hierdie en morphe, Hy—Hy het Homself verander na wat Hy was, na wat Hy is, of Sy masker, 'n ander toneel.

56 Soos in 'n groot drama. Soos ek vanmôre gepraat het, soort van opvang op hierdie van Shakespeare. Dit was 'n lang tyd. Maar toe Shakespeare die—die—die drama geskryf het, die . . . vir Koning James van Engeland, toe hy . . . die karakter van Macbeth. Sien, Shakespeare het nie in hekse geglo nie; maar in die toneelstuk, want die koning het in hekse geglo, moes hy hekse insluit. Sien? En nou, om dit te doen, verander hulle die rolverdeling.

57 Becky hier, in *Carmen*, hulle het gespeel in die—in die skool waar sy pas gegradueer het, 'n paar weke gelede. Nou, miskien het een persoon drie of vier rolle gespeel. Om dit te doen, het hy—hy sy masker verander. Partymaal kom hy uit, hy's *hierdie* karakter; en die volgende keer wat hy uitkom, is hy 'n ander karakter. Maar dis dieselfde persoon die hele tyd.

58 En dis God. Hy het Homself verander vanaf—vanaf 'n Vuurkolom, om 'n Mens te word. Toe Homself van daar af verander, weer terug in die Gees, dat Hy in die mens mag woon. God wat in die mens toneelspeel wat Hy regtig was. Jesus Christus, was God wat in die Mens optree, in 'n Mens. In 'n Mens, dis wat Hy was. Hy het verander vanaf die Vuurkolom, en het toe ingekom; wat 'n sluier in die wildernis was, wat God weggesteek het van Israel. Moses het die vorm van Sy liggaam gesien, maar eintlik was Hy die hele tyd weggesteek agter hierdie Vuurkolom, wat die Logos was wat van God uitgegaan het.

59 Nou vind ons hier, nou sedert Pinkster, tree God nie op *in* die mens nie, of tree . . . nou tree Hy op *deur* die mens. Sien? Hy het opgetree *in* 'n Mens toe, Jesus. Nou tree Hy op *deur* mense wat Hy vir hierdie doel gekies het. God, in die vorm van die mens, Hy het Homself verander vanaf die vorm van—van 'n . . . van God, na die vorm van die mens.

60 Hy het in drie name gekom, drie seuns name. Hy het gekom in die Seun . . . naam van die Seun van—van die mens, die Seun van Dawid, en die Seun van God; drie seuns name.

61 Nou, Hy het eers gekom in die Seun van Da—. . .Seun van die mens, omdat Hy 'n Profeet was. Nou, Jehova Self genaamd Eségiël en die profete: "seun van die mens, wat sien jy?" Jesus het nooit na Homself as Seun van God verwys nie; Hy het na Homself verwys as Seun van die mens, omdat die—die Skrifte nie verbreek kan word nie.

Daar kan niks gebreek word in Skrifte nie. Elke Woord moet so wees. Dis die manier waarop ek dit glo. Dis die manier wat Dit moet wees, nie omdat ek dit glo nie, maar omdat Dit die Woord van God is.

62 Nou as julle oplet in die begin, een Woord, bladsy een in die Bybel, in Génesis 1, vind ons uit dat die hele. . .al die siekte, al die verdriet, al die hartseer, en alles wat ooit gebeur het met mense, het gekom omdat *een* persoon *een* Woord nie geglo het nie, het dit alles veroorsaak. Dis die eerste van die Bybel. In die laaste van die Bybel, Openbaring 22, het dieselfde God gesê: "Wie ook al een Woord Hiervan sal wegneem, of een woord Daarby sal voeg." Sien, dit moet Woord vir Woord wees, net op die manier wat Dit is.

63 So, daarom, en net die klein dingetjie neem soos ek gaan. . .iemand gaan altyd aan met my oor die vroue wat hulle hare sny. Nou, vir my, solank as sy dit doen, ek gee nie om hoe heilig sy doen, en hoeveel sy weet nie, sy is steeds verkeerd. Sy dra kortbroeke en daardie klere soos daardie; ek gee nie om wat sy doen, hoeveel sy kan sing, hoeveel sy kan preek, wat ook al sy kan doen, watter soort lewe sy lewe nie, dis steeds daardie een Woord wat verbreek is. Sien? Sien, dit moet elke Woord wees. Nie 'n sin nie; 'n Woord, een Woord! So, die Bybel is geen private interpretasie nie. Dit moet Woord vir Woord wees, die manier waarop Dit geskryf is. Ons moet Dit glo.

64 En nie Dit net glo nie, maar Dit lewe. As ons Dit nie lewe nie, dan glo ons Dit nie; ons sê net ons glo. Soos ek. . .Baseer terug na wat ek gesê het, daardie dissipels kon Dit nie verduidelik nie, maar hulle het Dit geglo, in elk geval, en hulle het hulle belydenis gemaak en daarvolgens gelewe. Wanneer al die res van hulle weggeloop het Daarvan, het hulle Daarby gebly! Hulle het Dit geglo! Dis hoe ons maak. Dis hoe julle dit moet doen. Maak nie saak wat enigiemand anders doen nie, ons glo Dit en dan tree ons Daarvolgens op. As julle dit nie doen nie, dan glo julle Dit nie.

65 Nou let op nou, soos Hy gekom het, moes Hy kom as Seun van die mens, omdat die Heilige Skrif gesê het Hy sou: "God sou 'n Profeet oprig vir hulle." So Hy kon nie kom en Homself die Seun van God noem nie, want dit was nie daardie bedeling nie. Hy was die Seun van die mens wat geprofeteer het, om te

vervul, en aan hulle al die dinge geopenbaar het wat gedoen was, en getipeer het wat Hy was. Toe was Hy op aarde as Seun van die mens.

66 Kyk na die Siro—Feniciese vrou wat na Hom toe gehardloop het, en gesê het: "U Seun van Dawid, wees my genadig!" Hy het nie soveel as Sy kop opgelig nie. Sy het geen aanspraak op Hom gehad as Seun van Dawid nie. Sy was 'n Heiden.

Net so min as wat my dogter aanspraak op my as man het; of, my vrou, as dogter. Tog, sy is my dogter en my vrou, sy is my dogter in die Evangelie. Maar, aards, sy het geen aanspraak om my 'n—'n vader te noem nie. Sien?

Nou let op, hierdie Heidense vrou het geen aanspraak op Hom as Seun van Dawid gehad nie. Maar blinde Bartiméüs het, sien, hy was 'n Jood. Nou, Hy het gekom as Seun van die mens.

67 Jy moet hierdie woorde en hierdie dinge ken. Kyk na Hattie Wright, daardie keer, toe die Derde Trek. Julle onthou dit. Van al die alles, het daardie vrou die regte ding gesê. Jy moet die regte woord sê, die regte ding vir God.

68 Let nou op, Hy het eers gekom as Profeet, en hulle het Hom gekruisig. Sy eie het Hom gekruisig. Hy het gekom as Seun van die mens.

69 Toe na die Heilige Gees gekom het, was Hy toe die Seun van God. God is 'n Gees. Hy was die Heilige Gees, Seun van God. Hy het deur die kerkeeue as Seun van God gelewe.

70 Nou, in die Millennium, sal Hy Seun van Dawid wees, wat sit op die Troon van Sy vader, Dawid. Hy is die Seun van Dawid.

71 Nou, en onthou, tussen die Seun van God. . . In die Laodicéa kerkeeu, het hulle Hom uitgesit. En in Lukas, het Hy gesê Hy sou weer geopenbaar word as Seun van die mens, die Profeet, en die res daarvan vervul. Sien? Die Skrifte kom presies bymekaar. Seun van die mens, Seun van God, Seun van Dawid. Wat was dit? Dis dieselfde God die hele tyd, wat net Sy vorm verander, en morphe. Hy verander dit net. Dis 'n groot drama vir Hom. Hy speel dit uit.

72 Hy het gekom as Seun van die mens, die Profeet. Presies gedoen. Selfs daardie vroutjie in al haar sonde, daar by die put, sy het Hom herken. Sy het gesê: "Ons weet die Messias kom, wat Christus genoem word, dis wat Hy sal doen." Sien, sy het herken omdat sy 'n voorbestemde Saad was. Toe sy . . .

Waar, die res van hulle Dit nie herken het nie. Hulle het niks gehad om mee te herken nie. Hulle was in sonde, om mee te begin.

73 Vir, vir Sy optredes, verander Hy Sy vorm. Toe het Hy gekom die vorm van die Seun van die mens.

Vir die hervormers tydperk, Wesley, Luther, en heelpad deur, dan vind ons uit dat hulle dit so opgebondel het, net soos die Israeliete het, totdat wanneer Hy verskyn in die laaste dae, in die pinkster tydperk, as die Heilige Gees, hulle Dit verwerp het. Hulle het dieselfde ding gedoen wat Israel het.

En wat doen Hy nou? Keer terug as Seun van die mens. En dan, van daar af, Seun van Dawid. Sien hoe naby ons is? Seun van die mens, Seun van Dawid, Seun van God. Hy is geopenbaar in die laaste dae as Seun van die mens, volgens Maleági 4, al die res van die profesieë met betrekking op hierdie uur. Deel nie meer met die kerk na Hy . . . Hulle sit Hom uit; aan die buitekant, klop aan die deur. Nog party voorbestemde Saad daarbinne. Hy moet by hulle uitkom.

74 En God, in die mens, het Homself uitgegiet. Joël 2:28, vind ons uit, het Hy gesê: "Ek sal uitstort, in die laaste dae, My Gees." Nou, as julle die woord daar oplet, Griekse woord. Ek mag dit verkeerd hê, maar die een wat ek kon vind . . .

75 Jy moet die woorde dophou. Die Engels beteken partymaal dubbel betekenisse. Net soos die woord wat ons sê: "god." God het die hemele en die aarde geskape, Génesis 1. Maar nou, in die Bybel, het Dit gesê: "In die begin Elohim." Nou, Elohim, wat die Engels "god" noem, maar dit was nie regtig *Elohim* nie. Enigiets kan god wees, aan die woord *god*; jy kan 'n afgod 'n god maak; jy kan daardie klavier 'n god maak; jy kan enigiets 'n god maak.

76 Maar dit is nie so in die woord *Elohim* nie; Dit beteken: "Die selfbestaande Een." Sien? Daardie klavier kan nie selfbestaande wees nie, niks anders kan selfbestaande wees nie. So, die woord *Elohim*, beteken: "Hy wat altyd bestaan het." *God* kan enigiets beteken. Sien die verskil in die woord? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

77 Nou, toe Dit hier gesê het dat Hy Homself *leeggemaak het*, of uitge*giet* het, nou, ons sou dink soos hierdie, dat Hy "opgooi," die Engelse woord van *emptied (leeggemaak)* of *poured* (uit*giet)* uit Hom, sien, iets het uit Hom uitgegaan wat verskillend was van Hom. Maar die woord *kenos*, in die Grieks, beteken nie dat Hy "opgooi" nie, of iets . . . Sy arm het afgegaan, of Sy oog het uitgegaan, 'n ander persoon.

78 Dit is, Hy het Homself verander, Hy "het Homself uitgegiet in," (Amen!), in 'n ander masker, in 'n ander vorm. Nie 'n ander persoon het uit Hom uitgegaan nie, genaamd die Heilige Gees, maar Dit was Hy Self. Begryp julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hy Self het Homself in die mense uitgegiet.

"Christus in julle!" Hoe pragtig, hoe wonderlik, om te dink, God wat Homself uitgiet in die mens, in die gelowige. "Uitgiet!" Dit was 'n deel van Sy drama, om so te maak.

God, die hele volheid, die hele Godheid was liggaamlik in hierdie Persoon, Jesus Christus. Hy was God, en God alleen. Nie 'n derde persoon, of 'n tweede, of 'n eerste persoon nie; maar *die* Persoon, God versluier in menslike vlees.

79 Eerste Timothéüs 3:16: "En onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: want G—o—d, Elohim," hoofletter G—o—d, in die Bybel. Verwys dit terug, enigiemand. Dit verwys na, in die oorspronklike, sê Dit: "Elohim." "In die begin, Elohim." Sien? "En, Elohim, onteenseglik, die verborgenheid van Elohim is groot, want Elohim is geopenbaar in die vlees, en ons het Hom hanteer." Elohim, versluier in menslike vlees! Die groot Jehova wat alle ruimte bedek het, tyd, en oral, het mens geword. Ons het Hom hanteer, Elohim. "In die begin, Elohim. En Elohim het vleesgeword, onder ons gewoon."

80 Wat? Hierdie is Sy manier, die dele van die drama. Dis die manier waarop Hy dit moet uitspeel, Sy manier om Homself aan ons te openbaar as 'n ander persoon. Ons is sterflik, en Hy weet dit. En ons verstaan slegs as sterflinge. Ons weet slegs as sterflinge. Ons weet slegs soos ons sintuie ons toelaat om te weet, en die res daarvan moet ons glo deur geloof. Ons moet sê daar is 'n God; of ons Hom sien, of nie, ons glo dit, in elk geval. Sien? Of daar is of nie, ons glo dit steeds omdat God so sê.

81 Soos Abraham, kon nie daardie seun sien nie, geen tekens nie, geen swangerskap van—van Sara nie, nie eens enige menstruasie periodes of iets nie, maar tog het God so gesê. Alle hoop, selfs haar—haar skoot was dood, en sy lewe in hom was weg, en die—die stroom van sy lewe het opgedroog, en haar—haar lewe het in haar opgedroog. "En tog het hy nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar was sterk, het eer gegee, wetende dat God in staat was om te doen wat Hy gesê het Hy sou doen."

Daar's die manier waarop ons daardie Woord vandag moet glo. Hoe gaan dit wees? Ek weet nie. God het gesê dit gaan so wees, en dit handel dit af.

82 Wie is hierdie groot onsigbare Persoon? Wie is Hierdie wat Abraham in visioene gesien het? Reg op die ou end, egter, was Hy gemanifesteer in vlees, voor die seun gekom het. God Self het na Abraham toe gekom in die vorm van 'n mens, aan die endtyd. Gemanifesteerd! Hy het Hom in 'n klein Lig eenkeer gesien; hy het Hom in visioene gesien; hy het Sy Stem gehoor; baie openbaringe. Maar net voor die beloofde seun, het hy Hom in die vorm van 'n mens gesien, en met Hom gepraat, en Hom vleis en drank voorgesit. Sien? Let op, God Self versluier in menslike vlees.

83 Hierdie is 'n deel van Sy manier. Dit is die manier waarop Hy Homself aan ons manifesteer, manifesteer die Ewige Woord, God, Jehova wat vlees geword het. Soos in Johannes 1: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die...In die begin was Elohim, en Elohim was...het die Woord geword, en die Woord was Elohim. En die Woord het Elohim geword." Sien? Dis dieselfde ding, wat net ontvou.

84 Soos die eienskap, sien, dit is in God. 'n Eienskap is jou gedagte. God in die begin, die Ewige, Hy was nie eens 'n God nie. Hy was die Ewige. Hy was nie eens God nie; *God* is 'n voorwerp van aanbidding, of iets. Sien? So Hy was nie eens dit nie. Hy was Elohim, die Ewige. Maar in Hom was gedagtes, wat Hy wou hê moes materialiseer. En wat het Hy gedoen? Toe het Hy 'n Woord gespreek, en die Woord is gematerialiseer. Dis die hele prentjie, van Génesis tot Openbaringe. Dis niks verkeerd nie. Dis Elohim wat materialiseer sodat Hy aangeraak kan word, voel. En in die Millennium, daar sit Elohim op die Troon, sien, dis reg, met al Sy onderdane rondom Hom, wat Hy voorbestem het voor die grondlegging van die wêreld.

85 Soos 'n man wat klokke bou of klokke maak, die vormer. Elke klok het 'n verskillende lui van die ander. Dieselfde materiale, maar soveel yster, soveel staal, soveel geelkoper, om dit die "tieng" te gee.

86 Dis hoe God gemaak het. Hy het hierdie een met hierdie een laat teel, hierdie een met hierdie een, hierdie een met daardie een, totdat Hy presies gekry het wat Hy wou hê. Dis hoe Hy afgekom het. God wat Homself ontsluier het in 'n Vuurkolom reg deur die profete, toe in die Seun van God, wat, Hy was God. Sien, dis dieselfde God wat presies uitbring, van volmaaktheid tot volmaaktheid, van heerlikheid na heerlikheid. Dis die manier waarop die Kerk gaan.

87 Let op, deur die eeue, dieselfde manier, deur Sy profete, het Hy Homself openbaar. Daardie was nie presies profete nie, hulle was gode. Hy het so gesê. Want, wat hulle gespreek het, was God se Woord. Hulle was die vlees waarin God versluier was. Hulle was gode. Jesus het gesê, Self, gesê: "Hoe kan julle My veroordeel wanneer Ek sê Ek is die Seun van God, en julle eie wet sê dat diegene na wie die Woord van die Here gekom het, gode was?" Sien?

88 So, dit was God, gevorm in 'n mens, naamlik 'n profeet. Sien? En die Woord van die Here het gekom na hierdie man, so dit was nie die profeet nie; die profeet was die sluier, maar die Woord was God. Die mens se woord sou nie so optree nie. Sien wat ek bedoel? Dit kan nie op daardie manier optree nie. Maar potensieel was dit God. Sien, Hy was die Woord van God in die vorm van 'n mens, genaamd "'n mens."

Let op, Hy het nooit Sy natuur verander nie, net Sy vorm. Hebreërs 13:8, het gesê: "Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd." So Hy het nie Sy natuur verander toe Hy gekom het nie. Hy is altyd daardie Profeet, heelpad deur die eeue, selfde ding: die Woord, die Woord, die Woord, die Woord. Sien? Hy kan nie Sy natuur verander nie, maar Hy het Sy vorm verander. Hebreërs 13:8, het gesê: "Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Hy het net Sy masker verander.

89 Soos ek verander het van man, toe my kind gebore word, dan is ek vader. Wanneer my kleinkind gebore word, is ek oupa. Sien? Maar, ek verander nie; dis steeds—steeds ek. Sien? (En dis God.) Dis net dat ek verander het my . . . Sien, dit het net jou vorm verander. Sien?

Let op. En natuur verander dit onder van 'n jong man na 'n middeljarige, na 'n ou man. En daar is jy, jy sien, jy het net jou vorm verander.

90 Nou, jy kon nie sê 'n klein kêreltjie wat hierbo staan, sestien jaar oud, sê hy was 'n oupa nie. Hy kon nie wees nie. Sy vorm moet verander word. 'n Paar jaar verander dit, dan word hy oupa. Sien wat ek bedoel?

91 Maar dis dieselfde Persoon die hele tyd, dieselfde Persoon, God die hele tyd. Op hierdie manier openbaar Hy Homself aan Sy mense, deur dit te doen. Let op, deur die tydperk van die Vuurkolom, het Hy Homself aan Sy mense openbaar. In die tydperk van—van Jesus, het Hy Homself aan Sy mense openbaar. In die tydperk van die Heilige Gees, as Seun van God. Seun van Dawid . . . Hy openbaar Homself altyd op daardie manier aan Sy mense, laat die mense Hom ken. Hy is versluier agter iets, let op, op dieselfde manier, of selfde natuur, elke keer.

92 God versluier in Jesus, om die werk van verlossing by die kruis te doen. God kon nie sterf, as 'n Gees nie. Hy's Ewig. Maar Hy moes 'n masker opsit en die rol van die dood speel. Hy het gesterf, maar Hy kon dit nie in Sy God—vorm doen nie. Hy moes dit in Seun—vorm doen, as Seun van die mens, op aarde. Sien? Hy moes Seun—vorm wees. Toe, toe Hy teruggekeer het op Pinkster, was Hy weer Seun van God. Sien wat ek bedoel? Snap die idee? Hy was . . .

93 Hy moes in die menslike vlees inkom, om . . . en niemand, geen seksuele begeerte. Want dit bewys weer ons stelling van die slang se saad, sien: "seksueel," absoluut seks. Nie appels nie; seks! Dis reg. Dit moes wees. Let op hier, sien, vir enige goeie man . . . Kyk na daardie profete destyds, maar Hy moes meer wees as 'n profeet. Sien? Om dit te kon doen, moes Hy maagdelik gebore kom, wat wys dat maagdelike geboorte bewys . . . Hy moes maagdelike geboorte gebore word, om die vloek weg te neem, die Teengif. Sien wat ek bedoel? So, dit

moes seks wees. Hy het dit bewys in Sy Eie koms; Hy het nie gekom in seksuele begeerte nie, maar deur maagdelike geboorte. En Hy het Sy masker verander van Jehova na Jesus, om die verlossingswerk te neem, in die drama wat Hy aan die uitspeel was, in God by die kruis.

94 Die Grieke wou Hom sien. In Johannes 12:20, baie van julle het my hoor preek daaroor, gesê: "Menere, ons wil Jesus graag sien." Het julle dit opgelet?

95 Nou, die Grieke was geleerdes, hulle was groot manne. En hulle het 'n—hulle het 'n—'n groot gevoel vir God gehad, soos Paulus vir hulle gepreek het op die Areópagus. En hulle was, hulle—hulle het gelei—hulle het die wêreld in wetenskap en—en opvoeding gelei, hulle was groot manne. Maar hulle het aanbid en geglo in mitologie en so, boeke van kuns en interessante kunste, ensovoorts.

96 Maar hulle—hulle—hulle het opgewonde geraak oor hierdie Man Wie die siekes kon genees en dinge wat sou gebeur, presies kon voorspel. En hulle het opgewonde geraak, so hulle het gekom om Hom te sien. Nou, hou nou noukeurig dop, moenie hierdie mis nie. Sien? En hulle het gekom en aan Filippus, wat van Betsaida was, gesê: "Meneer, ons wil Jesus graag sien." En Filippus en 'n ander dissipel het hom na Jesus toe gebring, om Jesus te sien.

97 Nou let op die einste woorde wat Jesus aan hulle terug gerapporteer het, want hulle het kom sien Wie Hy was, en hulle kon Hom nie sien nie. [Broer Branham klop drie maal op die preekstoel—Red.] Hulle het die vorm gesien, maar Hy was in Sy tempel. God was in Sy tempel, versluier in menslike vlees. Let op die woorde wat Hy gesê het: "Behalwe as 'n koringkorrel in die grond val, sien, en sterf, bly dit alleen." Sien? "Die uur het aangebreek, dit sal spoedig wees dat die Seun van die mens verheerlik word, sien, en Hy van hierdie aarde af moet weggaan. En as daardie uur nie kom nie, sal julle nooit in staat wees om Dit te sien nie." Sien?

98 Hier, hoekom kon hulle Jesus nie sien nie? Hy was gemasker. God was gemasker. Die Grieke wou 'n God hê, en hier was Hy, maar hulle kon Hom nie sien nie, as gevolg van die sluier. En dis dieselfde ding vandag, hulle kan as gevolg van die sluier Hom nie sien nie. Dis oor hulle gesig. Hierdie Grieke was gemasker, of Jesus was gemasker vir hierdie Grieke.

99 Let op, Hy het aan hulle gesê: "Behalwe as die koringkorrel in die grond val, bly dit alleen."

100 Hulle, hulle kon nie verstaan nie hoe, hoekom hulle Hom nie kon sien nie. Daar het 'n man gestaan. Hulle het God kom sien, en hulle het 'n man gesien. Sien? Hulle kon God nie sien nie, omdat God versluier was vir hulle. Nou hou dit in julle

gedagte, God was versluier in ’n man. Hulle kon sê: “Geen mens kan hierdie werke doen behalwe as dit God is nie. Geen mens kan dit doen nie, en hoe staan hier ’n man en tog word die werke van God deur Hom gemanifesteer!” Sien, hulle kon nie verstaan dat God versluier was nie.

101 Hy is versluier in ’n mens, soos Hy altyd versluier was. Maar, Hy was versluier vir hulle, Hy was in Sy menslike tempel. God was in ’n menslike tempel. Nou, wees baie versigtig, nou Hy’s dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Sien, God versluier, wat Homself wegsteek van die wêreld, versluier in die mens. Sien? Hier was God! Daardie Grieke wat sê: “Ons wil Hom graag sien.”

102 En Jesus het gesê: “’n Koringkorrel moet val en sterf.” Jy moet sterf vir al jou idees. Jy moet uit jou eie gedagtes uitkom.

Soos daardie dissipels was, hulle kon nie verduidelik omtrent die eet van Sy liggaam en—en die drink van Sy Bloed nie, maar, sien, maar hulle het klaar gesterf vir daardie dinge. Hulle was dood vir ’n Beginsel, hulle was dood vir Christus. Maak nie saak wat dit is nie, of hoeveel mislukking dit gelyk het Hy gehad het nie, hulle het Dit steeds in elk geval geglo. Sien? Hulle kon in daardie Man sien; ’n Man wat eet, gedrink het, visgevang het, geslaap het, alles anders, was gebore hier op die aarde, en saam met hulle gewandel, met hulle gepraat het, klere gedra het soos die res van hulle, maar daardie was God.

103 So die Grieke kon Hom nie sien nie, want Hy was weggesteek van hulle in ’n mens. Let op Sy Woord aan hulle: “Behalwe as hierdie koringkorrel in die grond val.”

104 God versluier in die vorm van ’n mens, het Homself weggesteek uit hulle sig. Hulle kon net ’n man sien. Maar daardie Voorbestemdes het God gesien. Een het ’n mens gesien, die ander het God gesien. Sien? En dit was God versluier in ’n mens, wat albei van hulle reggemaak het, maar jou geloof in daardie wat jy nie sien nie. Jy glo dit, in elk geval. God versluier in ’n mens. Hy was in daardie vlees, en daardie vlees was Sy sluier. Die sluier was geskeur, sien, dat God gemanifesteer kon word.

105 In die Ou Testament, God was weggesteek toe Hy op Sy genadetroon was; op die genadetroon, deur ’n sluier. In die Ou Testament, was God in Sy tempel. Maar die mense het ingekom en aanbid soos dié, maar, onthou, daar was ’n sluier (amen) wat God weggesteek het. Hulle het geweet God was daar. Hulle kon Hom nie sien nie. Daardie Vuurkolom het nooit meer daar verskyn nie. Het julle opgelet? Daar’s nie een keer in die Skrif, van die tyd dat daardie Vuurkolom agter daardie sluier ingegaan het, wat Dit ooit weer te voorskyn gekom het, totdat Dit van Jesus Christus gekom het. God was versluier!

106 Toe Hy op aarde gestaan het, het Hy gesê: "Ek kom van God af, en Ek gaan na God toe."

107 Toe Paulus, (na Sy dood, begrafnis, en opstanding), op sy pad na Damaskus, daar was daardie Vuurkolom weer. Wat was Dit? Uit van agter die sluier! [Broer Branham klop vier maal op die preekstoel—Red.] Glorie aan God!

108 Hy was agter die sluier. Nou Hy was agter wat? Velsluier. Sien: "dassievelle," agter die sluier. En toe daardie sluier geskeur was op die kruisigingsdag, die sluier waarin Hy toegedraai was, geskeur is op die kruisigingsdag, het die hele genadetroon in sig gekom.

109 Nou, die Jode kon nie verstaan hoedat God genadig kon wees aan 'n sondige, vuil volk soos ons is nie. Maar hulle kon nie hierdie Een sien, wat genadig was nie, omdat Hy weggesteek was. Hy was agter die genadetroon, aan die binnekant, met dassievelle wat afhang, en Hom bedek. Tevore . . .

110 Tevore, as enige mens agter daardie sluier ingeloop het, was dit onmiddellike dood. Amen. O, ons gaan 'n les hier kry binne 'n minuut, sien, as julle kan—julle Dit kan ontvang. Om agter daardie velle in te loop . . . Selfs een van die priester se seuns het probeer om dit eenkeer te doen, en gesterf. "Moenie agter daardie sluier ingaan nie." Daardie man wat agter ingeloop het . . . Hoekom? Daar was nog geen verlossing daarin nie. Dit was potensieel. Dit was net potensieel. En enigiets *potensieel* is nog nie die ware ding nie, sien, net potensieel. Dit was verlossing . . . Sonde was bedek, nie uitgewis . . . vergewe, liewer, nie vergewe nie. *Vergewe* is "geskei en verwyder." En so, die bloed van skape en bokke kon dit nie doen nie, so Jehova was agter 'n sluier weggesteek. Nou, agter, agter hierdie sluier, waar Hy weggesteek was, om daarin in te gaan, het 'n man dood neergeval, om te probeer om Daarin in te gaan.

111 Maar sedert Pinkster, sedert die Kruisiging, toe daardie sluier van bo tot onder geskeur was, vir daardie geslag . . . Jesus was daardie God, versluier. En toe Hy gesterf het op Golgota, het God vuur en weerlig gestuur, en daardie sluier van bo tot onder geskeur, dat die hele genadetroon oop en bloot was. Maar hulle was te blind om Dit te sien. Soos Moses hier gesê het, liewer, of . . . Paulus gesê het, gelees van Moses: "As Moses gelees word, steeds, is daardie sluier nog altyd op hulle hart." O, broer, suster, dis wat die Jode gedoen het toe die sluier geskeur was en God oop en bloot gemaak is, gehang het aan die kruis. Hy was oop en bloot, maar hulle kon Dit nie sien nie.

112 Kan dit moontlik wees dat die Heidene dieselfde ding gedoen het? O God! Wanneer hulle hulle kerkeeue gehad het, van die Seun van God; maar wanneer die sluier nou van

hierdie denominasies en dinge, hierdie sluier van tradisie wat ons sedert Pinkster gehad het, wanneer die kerk tradisies geskeur is, die dinge wat die mense gesê het: "Dae van wonderwerke is verby, en hierdie dinge," en God het die sluier Daarvan afgehaal, en Dit oop en bloot gemaak het, en hulle is gereed om Dit weer te kruisig, [Broer Branham klop ses maal op die preekstoel—Red.] presies net so.

113 Die ontsluierde God, oop en bloot, hulle behoort Hom wat daar staan te gesien het. Tog was Hy te gewoon, Hy was 'n gewone man. Hulle kon Dit nie sien nie. Sien, daar het 'n man gestaan. "Wel," het hulle gesê: "hierdie Kêrel, van watter skool het Hy gekom?" Maar, onthou, toe daardie spies Sy liggaam getref het, daardie Gees Hom verlaat het, die tempel . . . die offerblokke het omgeval, en die weerlig het deur die tempel afgeswiep en die sluier geskeur. Wat was dit? Daar was hulle God wat op Golgota gehang het, en hulle was te blind om dit te sien.

114 Hom oop en bloot gemaak, en steeds kon hulle Dit nie sien nie! Hulle is verblind. God, versluier in 'n mens.

115 Julle onthou, Hy het toe teruggekeer na Paulus daarna, en na Petrus in die gevangenis, as die Vuurkolom. Onthou dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

116 Maar in die laaste dae is Hy veronderstel om weer terug te keer, maar 'n Vuurkolom is veronderstel om weer terug te kom om die Seun van die mens te manifesteer, sien, om die Woord te wys, die Lig. Die tradisies, is, sal weggevee word. Daar is niks wat Dit gaan hinder nie; dit gaan gedoen word, in elk geval. God breek net daardie denominasies en tradisies af.

Watter soort van 'n Gees sal Hy daarmee saam doen? Soos Hy gedoen het in die eerste plek. Kyk wat Hy gedoen het in die dae van Elía, in die dae van Johannes. "Moenie dink om by julleself te sê julle 'het Abraham vir die vader' nie, want God is in staat om van hierdie klippe kinders vir Abraham op te rig." Sien? Moenie julle dink dat: "Omdat, ek behoort aan *hierdie* en ek behoort aan *daardie*," nie. Sien? God wat die sluier afskeur, sien, om te wys Wie Hy is. Sien, hou die sluier dop wanneer dit nou hier skeur, vind ons nou.

117 Nou, en eenkeer, as 'n mens deur daardie sluier geloop het, was dit onmiddellike dood. Nou is dit die dood om nie Daardeur te gaan nie! Amen. As julle nie daardie sluier van tradisie kan breek nie, deur daardie muur van denominasie breek nie, om God in Sy krag te sien nie, is dit die dood. Waar dit eens die dood was om in te gaan, is dit nou die dood om buite te bly. Die hele Genadetroon is oop en bloot, enigiemand kan Dit sien, die sluier is geskeur. Glorie aan God! Die hele Genadetroon is oop en bloot.

118 Hoe God genade kon betoon aan vuil sondaars soos ons, wanneer Hy Homself weggesteek het, was 'n verborgenheid. En nou is Dit oop en bloot, of ten volle blootgestel, geopenbaar deur Sy Woord. Dis altyd die Woord, konstant, dit is God. Dis die Woord wat dit oopmaak. As daardie mense die Woord van God daardie dag sou geken het, toe Jesus gesterf het, sou hulle die Genadetroon gesien het, sou hulle gesien het Wie Hy was.

119 "Wie was Daardie dan? Hoekom het die sluier geskeur?" Onthou, dit was die dood om Daar in te gaan. Niemand kon Dit sien nie. Moses het Dit in 'n vorm gesien, Dit was 'n warrel . . . dit was 'n—'n Man se rug. Wel, hier is Dit, 'n bloeiende rug, daardie selfde Man! Wat was Dit? God wou hulle die Genadetroon wys. God wou hulle wys Wie Hy was. So die sluier in die tempel, deur die hand van God, omhoog, was geskeur van bo tot onder, en het God oop en bloot gewys. Dit was Jesus Christus wat aan die kruis gehang het, die Genadetroon. En wat was dit? Die mense was te blind om Dit te sien.

120 Nou word dit weer herhaal, hulle tradisies! Hoe, dan, op die Pinksterdag, het die Woord gekom en was in die vorm van "Seun van God." En hulle het dit begin organiseer by Nicaea, Rome. En, die eerste ding, het hulle gegaan na Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Pinksters, ensovoorts. Dis georganiseerde tradisie totdat 'n man nie weet waar hy staan nie.

Maar, glorie aan God, Hy het belowe in die laaste dae wat Hy sou doen. Hy sou Sy Woord oop en bloot wys, weer oop voor ons, sien, Dit oopmaak.

121 As hulle net die Woord geken het, sou hulle geweet het Wie Jesus was. As 'n man net die Woord van God geken het, sou hy die uur geken het waarin ons lewe en wat aangaan. Hulle weier net om te luister na daardie Woord. Hulle tradisies! Wat het daardie Jode dit laat sien? Wat? Lyk asof hulle werklik kon sien, omdat die ding oopgeskeur was. Dit was oopgeskeur vir 'n doel.

122 Hoekom is die herlewing nou aan? Hoe kan dit vooruitgaan? Hoe kan dit geseënd wees? Ek gee nie om hoeveel nabootsings dit het nie, of enigiets anders nie, dit het nie . . . Toe Moses uitgegaan het, was daar 'n gemengde menigte saam met hom. Maar waarvoor word dit gedoen? Dis Jehova wat Self die sluier van God afhaal, om die verskil te wys tussen reg en verkeerd. Wat is, Metodis, Baptis, Presbiteriaan, of wie is reg? God se Woord is reg! "Laat elke mens se woord 'n leuen wees, en Myne die Waarheid." God het geen interpreteerder nodig nie. Hy doen Sy Eie interpretasie. Hy manifesteer Dit, en ma— . . . dit gee die interpretasie. God wat Homself ontsluier. O, goeiste! Reg in ons midde, ons sien Sy groot hand wat hierdie dinge vertel, hierdie dinge doen.

123 Het iets daaroor vanaand, sien, van hoe om die hand van God dop te hou, wat Dit doen, hoe Dit homself ontvou. Sien?

124 En mense sê: "O, Dis onsin. Dis fanatisme daar. Daar's niks Daaraan nie. Dis onsin. Dis Beëlsebub. Dis 'n duiwel. Dis fortuinvertellery. Dis *dit*." Sien, dieselfde ding wat hulle van Hom gesê het.

125 O kerk, en as hierdie band uitgaan, kan julle nie sien nie, predikers van die Evangelie, waar julle lewe nie? Kan julle nie die uur sien waarin ons is nie? God, wat Homself vertoon, eenkant sit. . . Kyk, Hy het daardie tempelsluier geneem en dit aan stukke geskeur, dat hulle God oop en bloot mag sien, en hulle was te blind om Dit te sien. En Hy het dieselfde ding vandag gedoen, Sy Woord reg na vore gesit, wat Hy beloof het. Elke belofte in die Woord, wat reg voor ons lê, oop en bloot!

126 Julle weet wat die Heidenkerk doen? Dieselfde ding wat die Joodse kerk gedoen het, te blind om Dit te sien. Dis al. Dit sal op hulle harte wees net soos dit in daardie dag was.

127 Let op, die dood, om nou Daarvan weg te bly. Jy moet Daar ingaan deur hierdie sluier, of jy sal nie. Hoe God hulle genadig kon wees, maar onthou wat dit was, dat God manifesteer wat agter daardie sluier was. Kyk wat agter daardie sluier was, die Woord! Wat het dit versluier? Die Woord! Wat was dit? Dis in die ark. Dit was die Woord wat daardie sluier weggesteek het. Sien? En Jesus was daardie Woord, en Hy is daardie Woord, en die sluier van Sy vlees het Dit weggesteek.

128 En vandag steek die sluier van tradisie weer die Woord weg, sê: "Dis nie so nie." Maar Dit is so! God getuig Daarvan, blaas Homself reguit uit so helder soos die son, voor almal, en hulle kan Dit nie sien nie. God, wees ons genadig.

129 In tipe, Moses wat uit die Teenwoordigheid van God kom, met die Woord van God vir daardie tydperk. Nou kyk, ons is nou in Eksodus 19. Moet nou nie hierdie mis nie. Eksodus 19, Moses kom uit die Teenwoordigheid van God, of 20 en 21, 19:20 en 21. Moses kom uit die Teenwoordigheid van God. Hy was binne—in die Woord. Die Woord is geskryf. En hy, in die Teenwoordigheid van God, met die Woord, hy het die Woord vir daardie tydperk gehad. Daar is 'n Woord vir elke tydperk. En Moses wat uitkom, sy gesig wat so skyn! Sien? Die Woord was in hom, gereed om gemanifesteer te word, uit te gee aan die volk.

130 Die ware Woord, God het Dit geskryf, en Dit was met Moses. Let op, Dit was met Moses en was gereed om gemanifesteer te word. Hy was die Woord vir hulle, hy was die lewende Woord, weggesteek. Homself versluier, Moses moes 'n sluier oor sy eie gesig sit. Hoekom? Hy was daardie Woord. Amen. Totdat daardie Woord bekend gemaak is, moes Moses homself versluier. Amen!

Sien julle Dit? Waar ook al die Woord is, is Dit versluier.

131 Moses het die Woord gehad. Nou onthou, na die Woord gemanifesteer is, was Moses weer Moses. Sien? Maar terwyl daardie Woord in hom was om uitgegee te word, was hy God; wel, hy was nie meer Moses nie. Hy het die Woord van die Here vir daardie tydperk gehad. Niks kon hom aanraak totdat dit verby was nie; het die Woord saam met hom gehad. So, daarom, toe hy gekom het, het die volk hulle koppe weggedraai; hulle kon nie verstaan nie. Hulle is verander. Hy was 'n ander kêrel. Hy het gekom met daardie Woord. "En hy het 'n sluier gesit," het die Bybel gesê: "oor sy gesig," want hy het die Woord gehad. En hy was die Woord vir hulle.

132 Nou kyk, as Moses . . . O broer, hier gaan 'n belediging wees. Maar as Moses . . . As Paulus gesê het hier in Tweede Korinthiërs, die 3de hoofstuk. As Moses sy gesig moes versluier, met daardie soort Heerlikheid op hom; sien, omdat daardie 'n natuurlike heerlikheid was, daardie was 'n natuurlike wet. En as Moses, in die wete dat daardie wet sou vergaan, maar die Heerlikheid was so groot, dat dit die volk verblind het, sodat hulle 'n sluier oor sy gesig moes sit. Hoeveel te meer sal Dit wees? Geestelik verblinde mense! Uh—huh. Daardie heerlikheid sou verdof, maar Hierdie Heerlikheid sal nie verdof nie. Sien? Moses het die vleeslike wette gehad, die veroordeling, geen genade nie, glad niks nie; dit het jou net veroordeel. Maar Hierdie het gepraat van . . . Daardie het geen kwytskelding gehad nie, dit het jou net vertel wat jy was. Hierdie gee jou 'n uitweg.

133 En wanneer daardie Woord ontsluier word, o, goeiste, watter soort van 'n gesig sal Dit wees? Dit sal versluier moet word. Dit moet versluier word. Nou let op. So die Gees is versluier in 'n menslike tempel, sien, vir Hom om die natuurlike woorde te spreek met 'n natuurlike sluier.

134 Nou, Paulus wat nou hier praat, en in hierdie—hierdie sin, die Gees—Woord: "Ons is dienaars, nie van die letter nie, die wet; maar bekwame dienaars van die Gees," dat die Gees die letter neem en Dit manifesteer.

135 Daardie was net wet, jy moes daarna gaan kyk, sê: "Jy mag nie egbreek pleeg nie. Jy mag nie steel nie. Jy mag nie lieg nie. Jy mag nie *dit*, *dat*, of die *ander* doen nie." Sien? Jy moes daarna kyk.

136 Maar hierdie is Gees wat op die beloofde Woord vir *hierdie* tydperk kom, en voortbring en manifesteer, nie twee tafels van klip nie, maar die Teenwoordigheid van die lewende God. Nie 'n mitiese gedagte wat iemand opgemaak het, of 'n Houdini, 'n toertjie nie; maar die einste belofte van God geopenbaar en gemanifesteer reg voor ons. Agter watter soort van 'n sluier sal dit wees? En om—om daardie te verloor . . .

137 Sien, daardie was so groot totdat selfs die volk gesê het, hulle het gesê toe hulle Jehova sien afkom het in hierdie Vuurkolom, en die aarde begin skud het, en—en die dinge wat Hy gedoen het, en die berg aan die brand. En as iemand selfs probeer het om na daardie berg toe te gaan, omgekom. Dit was so groot tot selfs Moses die skudding gevrees het. Dan, as Hy daardie keer net die berg geskud het, hierdie keer gaan Hy die hemele en aarde skud.

138 Wat omtrent Hierdie Heerlikheid? As daardie versluier was deur 'n natuurlike sluier, hierdie is baie . . . versluier deur 'n geestelike sluier. So moenie probeer kyk na die natuurlike nie; breek in die Gees in en sien waar jy is, sien in watter uur ons lewe.

139 Maak Dit sin vir julle? Sien, Dis 'n geestelike sluier wat oor die mense is, sê: "Ek's Metodis. Ek is so goed as enigiemand. Ek's Baptis. En ek's Pinkster." Besef julle dit nie, daardie ding is 'n tradisionele sluier? Dit steek God vir julle weg. Dis die dinge wat julle weerhou om te geniet al . . .

O, julle sê: "Ek skree en spring op—en—af."

140 Hy het gesê: "Elke Woord!" Eva het elke Woord behalwe een geglo. Sien? Dis die volle Woord van God, die belofte van hierdie uur gemanifesteer. Sien?

141 Let nou op soos ons voortgaan. Het baie hier om van te praat, maar ek het omtrent twintig bladsye, maar dit . . . van—van notas, maar ek—ek sal net nie oor hulle almal praat nie. Sien, ek sal opskud.

142 Hy is versluier met 'n natuurlike sluier voordat hy die Woord kon spreek aan die volk. Nou, God moet Homself versluier, soos Hy beloof het, in menslike vlees. God! Begryp julle Dit? [Gemeente: "Amen."—Red.] God moet Homself versluier in menslike vlees, en 'n geestelike sluier oor hulle sit, (sê: "Wel, ek's *dit* en ek's *dat*"), om met die mense te praat. Wanneer daardie sluier is, wat die tradisionele sluier is, uitmekaar geskeur is, dan die . . . dit wat hulle sê: "Tog, die dae van wonderwerke is verby."

143 'n Kêrel het die ander dag vir my gesê, 'n—'n klein Baptiste prediker daarbuite, het na my gekom, Broer Green, en hy het gesê: "Broer Branham, hier is een ding wat ek teen jou het." Hy het gesê: "Jy probeer die mense laat . . ." Dit was onder by die Ramada Inn, toe ons daaronder die diens gehad het. Gesê: "Jy probeer die mense laat glo in 'n apostolies eeu, om vandag te lewe asof hulle in die apostoliese eeu was." Gesê: "Die apostoliese eeu het geëindig met die apostels." Ek het gesê: "Dit het?"

"Ja."

Ek het gesê: "Wie was die segsman in die apostoliese eeu?"

Hy het gesê: "Die twaalf apostels in die bovertrek."

144 Ek het gesê: "Dan was Paulus uit." Ek het gesê: "Die segsman was Petrus. En Petrus het gesê, op die Dag van Pinkster, toe hulle dit alles sien aangaan, en die Heilige Gees wat werk, het hy gesê: 'Die belofte is aan julle, en aan julle kinders, en aan hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here ons God ooit sal roep.' As Hy steeds roep, dan is dieselfde Ding daar. Wanneer het die apostoliese eeu dan opgehou? Die apostoliese eeu hou op wanneer God ophou om te roep." Hy het nooit 'n ding gesê nie, maar sy hoed opgetel en weggeloop.

145 Dit neem die Woord om dit te doen. Dis die Woord. Jesus het vir Satan gesê: "Daar staan geskrywe." Sien? Dis dit: "Daar staan geskrywe."

146 Ek het gesê: "Petrus het gesê dit sou nooit eindig nie. Soveel as wat die Here geroep het, hierdie Seëning was vir hulle. Nou sê julle: 'Hy het opgehou.' Wanneer?"

"Geen kwaad gedoen nie?"

Ek het gesê: "Nee, meneer, niks nie. Gaan voort." Goed. Sien?

147 Petrus het gesê dit was vir elkeen waarvoor God sou roep, sou dieselfde apostoliese Seëning ontvang. Dis—dis die Woord van die Here. Sien?

148 Nou die natuurlike sluier. God, die Woord, gesluier in menslike vlees. Wat was dit? God was versluier in Moses. God was in Moses, versluier, en die Teenwoordigheid van God was in hom. Hy was so perfek met daardie Woord in hom soos daardie, totdat hy sy gesig moes versluier. En dit was 'n bevestigde profeet wat die Woord ontvou en hulle vertel het: "Jy sal nie! Jy sal! En jy sal nie!" Sien?

149 Om Sy Woord aan daardie geslag te gee, het Hy Homself versluier in 'n mens, of die Woord sou selfs die uitgeroeptes verblind het. Sien? Selfs die volk wat daarbuite was, hulle kon nie uithou om daardie te sien nie. In—in Eksodus vind ons dat, hulle gesê het: "Laat Moses spreek, nie God nie." Sien hoekom die Vuurkolom nie baie verskyn het nie? Sien?

150 God het gesê: "Ek—Ek—Ek sal dit doen. Ek sal vir hulle 'n Profeet oprig." Amen! "Ek sal vir hulle een oprig." En Hy het net presies gekom. "Ek sal oprig, en Hy sal hê, sal die Woord wees."

151 Hy het gesê: "As hulle wil sien wat die Woord is. . . " Gesê: "Nou, Moses, Ek het verskyn aan jou oorkant in daardie brandende bos." Gesê: "Ek gaan afkom en daardie berg aan die brand steek." Gesê: "Hulle sal sien dat jy die waarheid gepraat het. Ek sal hier verskyn op die—op die—die selfde brandende manier. Ek sal hier verskyn en aan die volk bewys, Ek sal jou bediening bevestig." Dis wat Hy vir Moses hier gesê het, soveel woorde.

152 Let op, Hy het gesê: "Nou gaan Ek—gaan Ek jou verheerlik voor die volk." Gesê: "Nou, jy het vir hulle vertel dat Ek jou ontmoet het daarbuite in 'n brandende bos; nou gaan Ek afkom, selfde Vuur, en Ek gaan die volk laat sien dat jy nooit Daaromtrent gelieg het nie." Jy kan Dit wetenskaplik bewys, selfs, as jy wil. Sien? "Ek gaan reguit afkom en hulle laat weet."

153 En toe Hy begin donder, toe Jehova begin donder het, het die volk gesê: "Nee! Nee! Nee! Moenie dat Jehova spreek nie; ons sal—ons sal sterf."

154 Sien, Hy moes versluier word, so God het Homself versluier in Moses en Moses die Woord gegee. En Moses het afgekom en die Woord van die Here gespreek, in 'n sluier oor sy gesig. Dit reg? Jehova versluier in die vorm van 'n profeet, want dit sou nie absoluut. . .En God het gesê Hy sal nie meer so met hulle praat nie. Hy sal slegs met hulle praat deur 'n profeet. Dis die enigste manier wat Hy sou praat van daar af aan. Dis die enigste manier waarop Hy ooit gepraat het. Dis reg. Nooit enige ander manier nie. Hy lieg nie.

155 Let op, net Moses het die Woord gehad. Nou, daar was nie 'n—'n groep wat afgekom het nie, daar was nie net die Fariseërs, of die Sadduseërs nie, of dit was nie 'n—'n sekere sekte of 'n kliek nie. Dit was Moses! Hy het een man. Hy kan nie twee of drie verskillende gedagtes hê nie. Hy neem een man. Moses het die Woord gehad, en Moses alleen. Josua het Dit nie eens gehad nie. Niemand anders het Dit gehad nie. Amen! Josua was 'n—'n generaal; Josua was 'n bevelvoerder van die weermag; Josua was 'n gelowige, 'n Christen. Maar Moses was 'n profeet! Die Woord kan nie na Josua kom nie; Dit moet na Moses toe kom. Hy was die groot profeet van die uur. Let op, die Woord het nooit na Josua toe gekom totdat Moses weg was nie. Nee, meneer. God deel met een op 'n keer. God is een. Sien? Nou, slegs Moses het die Woord gehad, nie 'n groep nie.

156 Kyk, God het enige persone gewaarsku om nie te probeer om Moses te volg binne—in daardie sluier nie; nabootsers. Sien? Vrou, man, priester, wie ook al dit was, hoe goddelik, hoe man, hoeveel eer, hoeveel hulle was; Hy het gewaarsku: "Laat Moses alleen kom! En as enige mens, selfs 'n dier, dit aanraak, moet net daar doodgemaak word." Nooit breek voor daardie sluier nie. Daardie sluier behoort aan een persoon. Daardie Boodskap is een. Sien? In die tempel, het een man eenmaal 'n jaar ingegaan, gesalf en gereed gemaak om in te gaan; nie om die Woord uit te bring nie, maar om bloed te offer. Om selfs daar in te loop voor Dit, net een. Enige ander man het gesterf. Sien?

157 Hulle sterf nou geestelik. Hierdie is 'n geestelike sluier. Sien? Daardie was 'n natuurlike sluier. Hierdie is 'n geestelike

sluier. Sien? Hulle bly aan reguit inloop daaragter, jy kan hulle sê. "O, ek weet! Ek weet dit, maar ek . . ." Sien, gaan voort, dis in die haak, dit spreek slegs . . . Julle onthou, die laaste plaag in Egipte was dood, voor die eksodus. Die laaste plaag op aarde is geestelike dood, voor die eksodus. Dan sal hulle veras word en terug verander word na die stof, en die regverdiges sal op hulle as uitloop. Maar die laaste ding is geestelike dood, verwerping van die Woord.

158 Nou let op, God het enige persoon gewaarsku om Moses nie te probeer volg binne—in daardie sluier van Vuur nie. Moses moes versluier word, hy moes daar uitkom. Moses het ingegaan as Moses, ingegaan in hierdie Vuurkolom; en toe hy weer uitgeloop het, was hy versluier. Want, hy het Daar ingegaan, buite sy tradisies, die tradisies van die oudstes. Hy het die Vuurkolom *gesien*, maar nou gaan hy *in* die Vuurkolom *in*. Sien? Amen! En hy het uitgekom, versluier. God se Woord in 'n man, versluier! Hier kom hy uitgestap, o, goeiste, ek kan dit sien. Enigiemand gewaarsku om dit nie te probeer nie, niemand kan Daardie naboots nie. Jy beter nie. Sien? Selfs 'n priester of 'n heilige man, wie ook al dit was, kardinaal, biskop, enigiets anders, wat probeer het om in daardie sluier in te gaan, het gesterf. God het hulle gewaarsku. Ons sal geen nabootsings duld nie.

159 Sy Woord is geopenbaar aan een. Dit was altyd, 'n profeet het gekom met die Woord van die Here, elke tydperk, elke keer, dwarsdeur die Skrif. Die Woord kom na een. In elke eeu, dieselfde, selfs in die kerkeeue, van die heel eerste tot die laaste. Andere het hulle plekke, dis reg, let op, maar bly weg van daardie Vuurkolom. Sien? Watter les leer ons hier! Sien, almal wat Moses wou wees, en almal . . .

160 Julle onthou wat Datan en hulle daarbuite gesê het? Hulle het gesê: "Nou, Moses, wag hier 'n oomblik! Jy neem te veel op jouself, sien. Nou, daar is ander manne hier wat God geroep het."

161 Dit is waar. Hulle, elkeen, het goed gevolg solank as hulle aangegaan het, maar toe een opgestap en God se posisie probeer neem het, wat Hy Moses gegee het, wie voorbestem en verordineer was vir daardie werk, het dit probeer neem, vuur het afgekom en die aarde oopgemaak en hulle reguit daarin ingesluk. Sien? Sien? Wees versigtig. Sien? Wees net 'n goeie, God se goddelike Christen, wat die Woord glo. Sien? Bly weg van daardie Kolom. Wat 'n les!

162 God het eers aan Moses in 'n brandende bos verskyn, God was versluier in die Vuurkolom. Nou luister nou baie aandagtig vir 'n minuut. God, eerste keer na Moses toe kom, was Hy versluier. God was in 'n Vuurkolom, weggesteek agter in 'n bos, sien; soos agter die velle, sien, agter by die

genadetroon by die altaar. Sien? Hy was versluier. Hy is altyd versluier. En toe Hy na Moses toe gekom het, was Hy in 'n Vuurkolom, versluier in die Vuurkolom. Maar hier, voor die volk, het God hom bevestig deur dieselfde Vuurkolom. Sien? Moses het gesê . . .

163 Nou kyk. Volg julle? [Gemeente: "Amen."—Red.] Laat julle julle gedagtes ver uitdryf? Kan julle? Kan . . . "Hy wat ore het, laat hom hoor." Sien?

164 Toe God verskyn het aan Moses, was dit in 'n Vuurkolom, toe Hy hom na sy bediening geroep het. En Moses het gekom en die volk daarvan vertel. Hulle kon dit nie glo nie, tog het hy die wonderwerke en dinge gedoen. Maar, hierdie keer, het Hy sigbaar, wetenskaplik verskyn en Moses se bediening bevestig as dieselfde God wat met hom gepraat het, want Hy het verskyn in die vorm van die Vuurkolom en die berg aan die brand gesteek. En Dit het na Moses toe gekom in 'n bos, met hom gepraat. Goed.

165 God se eerste verskyning, aan Moses, in die brandende bos, sluier. Voor die mense, het God weer versluier en Moses bevestig, deur die sluier, deur Homself met dieselfde Vuur te versluier, selfde Vuurkolom wat afgekom het. Van—van dan . . . Van hulle, sodat hulle slegs God se Woord kon hoor. Begryp julle dit? Net die Woord, hulle het Sy Stem gehoor. Want, Moses was, vir hulle, die lewende Woord. Moses! Sien, God het daardie Woord so deur Moses bewys! Sien, Moses het gesê . . . God het aan Moses gesê: "Gaan daarnatoe. Ek sal met jou wees. Hy's . . . Glad niks gaan voor jou staan nie. EK IS WAT EK IS."

166 Moses het afgekom, en gesê: "Julle mag dit nie glo nie, miskien, maar God het aan my verskyn in die Vuurkolom en Hy het my hierdie dinge vertel."

167 "O, ons het alle soortgelyke dinge wat aangaan." Farao het gesê: "Wel!" Pastoor Farao het gesê: "Wel, jy het 'n goedkoop towenaarstoertjie. Tog, ek het towenaars hier, wat 'n slang kan verander in . . . 'n stok—'n stok in 'n slang. Kom hier, towenaars." En hulle het soontoe gekom en dieselfde ding gedoen.

168 Moses het geweet. Niks het hom gepla nie. Hoeveel nabootsers hulle gehad het, het nie enige verskil gemaak nie. Moses het net stilgestaan. Die eerste ding waarvan jy weet, hulle het 'n tydjie rondgekruip, en, dadelik, het Moses se slang net die res van hulle opgeëet. Sien? Hoekom? Soos daardie apostels, hulle kon Dit nie verduidelik nie. Moses het nie geweet hoe God dit sou doen nie, maar Hy sou dit doen.

169 Onthou, Hy het gesê Jambres en Jannes sal terugkeer in die laaste dae, sien, nabootsings. "En sou die einste Uitverkorenes mislei, indien moontlik," Matthéüs 24:24. Sien? Net presies

dieselfde dinge, dieselfde soort wonderwerke en alles doen. Hou daardie Woord dop! Hou daardie Woord dop! Die man sê hy doen 'n wonderwerk en wil steeds glo daar is drie Gode, en daar is al hierdie soort; kom julle weg van daardie soort. Ons weet dis—dis verkeerd, sien, glad nie so iets nie. Sien? Die Woord, elke Woord, elke Woord wat uit die mond van God uitgaan! Génesis, een Woord! Hier oorkant, gesê: "Moenie een woord wegneem of byvoeg nie." Sien, Dit moet dieselfde Woord wees. Sien?

170 Let op, die volk het iets gesien wat gebeur het. Moses was versluier as 'n. . .Hy was 'n profeet, en God het nou Sy Woord bevestig, het soontoe gegaan. En hy het tekens en wonders gesien. En toe, goed, hierdie volk het vir hulself afgeskei, 'n kerk. Sien, *kerk* beteken "uitgeroep." Sien? Nadat hulle uit die wêreld uitgeroep was en 'n volk geword het, sien, toe het God Homself bekend gemaak dat Hy daardie Vuurkolom was. Hy het Moses se boodskap bewys. Sien? Hy was die Vuurkolom. Hulle mag die foto Daarvan geneem het, reken ek, as hulle kameras gehad het, want dit was alles aan die Brand. Maar hulle—hulle het dit bewys. God wat bewys dat die Boodskap reg was. Die Boodskap was op hande, alles was, hulle sou toe uitgebring word. Sy profeet versluier vir hierdie eksodus volk.

171 Die volk, dink, het gesien iets het met hom gebeur. Hy was nou verskillend van die res van die Israeliete. Hy was 'n verskil, sy boodskap was verskillend, hy was verskillend van die priesters, hy was verskillend van enigiets. Sien, hy was 'n verskillende persoon. Die volk het gesien iets het gebeur. God het Hom versluier in Sy profeet, om Sy Woorde aan hulle te spreek. Dis wat Hy gedoen het. Moses was daardie lewende Woord vir die volk, versluier deur die Vuurkolom, gespreek van wat versluier sou wees, later agter dassievelle. Sien?

172 Die Woord moes eerste van Moses af kom. Sien? Moses het die Woord gehad. Hulle was geskryf deur God, niemand kon Hulle interpreteer nie, Moses moes Hulle eers interpreteer. Dis die rede waarom hy sy gesig versluier het, want hy. . .Sien julle Dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sien?

Hier is Dit. [Broer Branham tel sy Bybel op—Red.] Ons kan Dit optel, Dit soontoe dra, en alles anders daar, maar Dit moet geopenbaar word. Om te openbaar, moes Moses God word vir die volk.

Julle sê: "Dis onsin."

173 Tog, Hy het gesê, selfs vir Moses gesê, Self: "Jy sal God wees, en Aäron sal jou profeet wees! . . .?. . . " Sien? So daar het Hy gekom, sien, Hy moes Homself versluier, want God is altyd agter 'n sluier. O, goeiste! Sien julle Dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] God is weggesteek van die publiek.

174 Gesê: "Vader, Ek dank U, U het Dit weggesteek van die wyse en die verstandige, en Dit openbaar aan kindertjies, aan hulle wat wil leer." Sien?

175 God het weggekruip agter die sluier. Moses het sy gesig versluier. Moses was toe die versluierde lewende Woord. Die volk het die Vuurkolom gesien, gesê: "Nou is ons tevrede." Sien? "Laat Moses praat." Sien? "Moenie dat God praat nie, voor ons sterf." Moses het reguit in daardie Vuurkolom ingeloop. Sien?

176 En nou gesê, Hy het gesê: "Nou gaan Ek—Ek nie meer met hulle praat soos hierdie nie. Ek gaan vir hulle 'n profeet gee." Sien? En dis die manier waarop Hy dit altyd gedoen het. Sien? Gesê: "Nou laat hulle soontoe gaan." Maar hierdie profeet moet hierdie Woord hê. As hy versluier is met 'n tradisie, het God hom nooit gestuur nie. As hy met die Woord versluier is, sal God Dit bevestig. God interpreteer Sy Eie Woord. Moses het Hulle gespreek; God het Hulle geïnterpreteer. Amen.

177 Moses het gesê: "Die Here het so gesê!" En die Here het gedoen net wat Hy gesê het. Dit het Dit reg gemaak.

178 Nou het Hy gesê: "Nou, Moses, jy verstaan. Die volk verstaan nou. Sien, Ek het jou gewys, Ek het jou bevestig." God het Homself in hierdie profeet versluier, om Sy Woord aan die volk te spreek. Moses was die lewende God vir hulle, die lewende Woord van God gemanifesteer. Dis die rede waarom sy gesig versluier is. Sien?

179 En het julle geweet dieselfde ding is in 'n ware Christen versluier vandag, aan ongelowiges? Hulle sien daardie vroue met lang hare en dinge, sê dis . . . "Kyk na daardie ou model." Vroue draai hulle hare op aan die agterkant, sê: "Het 'n pap wiel, spaarwiel daarbo." Sien, Dis alles versluier. Hulle is blind. "O," hulle sê: "ek het 'n Ph.D, L . . ." Ek gee nie om wat jy het nie, jy's steeds onkundig oor die Woord. Presies reg. "O, dis, dis net iets kleins. Ek . . ." Neem die klein lessies eerste.

180 Wat van die mense wat sê dat hulle versluier in die Teenwoordigheid van God, en 'n sekere kerktradisie preek? O, genade, goedheid! Wat byvoeg en wegneem van, en alles anders, deur hulle onderwerpe in te spuit en hulle eie gedagtes, en nie die Woord van God nie, sien, watter soort sluier? Dit het 'n kerklike sluier. God het daardie sluier wyd oopgeskeur!

181 Hulle het gesê: "Daar is glad nie so 'n ding soos profete nie. Daar is glad nie so 'n ding, in hierdie laaste dae, soos apostels en profete nie. Daar is glad nie so 'n ding soos Goddelike genesing nie. Daar is glad nie so 'n ding soos sieners meer nie. Daar is glad nie so 'n ding soos Markus 16 wat vervul word nie. Apostoliese eeu is verby." Hulle het Dit versluier vir die mense.

Maar God het reguit uitgeloop met Sy Heilige Gees van Vuur, en daardie ding geskeur van die bokant tot die ond—. . . [Leë kol op band—Red.] God het die sluier geskeur.

182 Moses was die sluier, die lewende Woord van God versluier agter menslike vlees. Die Vuurkolom was in Moses, natuurlik, gespreek wat later gesluier sou wees agter velle, julle sien.

183 Nou, daardie, die Woord, die Woord was toe voortgebring, toe was Dit uitgeskryf, toe was Dit agter gesit en steeds versluier, want God was altyd in daardie Woord. Amen! Hy's die Woord, altyd. Hy was in daardie Woord. Dis die rede waarom daardie Woord versluier moes wees.

184 O, broer, suster, snap julle Dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Kyk! Sien julle nie? Dit was versluier deur hierdie eeue, volgens wat God gesê het, en Dit sal geopen word in die laaste dae, daardie Sewe Seëls sal gebreek word, en die hele Ding sou in sig kom vir die mense, wat die hele tyd plaasgevind het. Die uur van die sewende engel se Boodskap, al die verborgenhede van God sou bekend gemaak word in daardie Elía, hierdie laaste uur; hoedat Christus uit Sy kerk gesit is, die Seun van God; hoe Hy weer geopenbaar is as Seun van die mens; hoedat die Kerk in orde gestel moes word, en alles vir die laaste dag, geen geloofsbelydenis, geen denominasie, net absoluut die Woord wat lewe in die indiwidu. "Ek sal een neem, en een laat. Ek sal *hierdie* neem, en *daardie* een laat." Sien? Daar's net. . . Daar's geen toutjies, geen denominasies, geen verbintenisse of niks nie; dis die hart van God, en Hy alleen. Sien?

185 Let op, versluier in menslike vlees. Moses met daardie Woord, wat spreek wat later agter dassievel gesit sou word. So daardie. . . So is Christus ons Moses. Christus is ons Moses. Hy was God versluier in menslike vlees, versluier in die mensdom, in vlees. Dis reg. En Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Hy was versluier deur dassievelle. Hy was versluier. En hierdie keer was Hy versluier in 'n man. Sien? Nou let op: "selfde gister, vandag, en vir altyd," Sy Woord beloof vir *hierdie* eeu. Hy is steeds Christus, die beloofde Woord vir hierdie eeu, versluier in menslike vlees. Die Woord is God.

186 Die salwing is 'n persoon. Die woord *Christus* beteken 'n gesalfde, sien: "die gesalfde." Dan, Moses was Christus in sy dae, hy was die gesalfde. Jeremía was Christus in sy dae, met 'n deel van die Woord vir daardie dag.

187 Maar toe Jesus gekom het, het Hy gekom as die Verlosser Gesalfde; en dit was beide Moses en alles wat in Moses was, en die hele Woord, en die hele Godheid was liggaamlik in Hom. Dis die rede waarom die hele tempelsluier geskeur het, en die genadetroon in perfekte sig gekom het, Hy was die Gesalfde.

188 Let nou op, die sluier in menslike vlees, die beloofde Woord aan hierdie eeu moet ook versluier wees. Let op. Sonde—liefhebbende kerklidmate en sondaars kan Dit nie sien nie, as gevolg van die menslike sluier.

189 Dis die rede waarom hulle Hom nie kon sien nie. "Tog, Hy's 'n man. Waarvandaan het Hy gekom? Watter gemeenskapskaart het Hy? Aan watter kerk behoort Hy?" Ek wil daaroor praat vanaand: *Aan watter kerk behoort Hy*? Sien? En so, sien, nou: "Aan watter kerk behoort Hy, watter—watter groep? Watter opleiding het Hy gehad? Waar het Hy sy geleerdheid ontvang? Wel, hierdie Man is gebore, volgens die tradisie, of volgens die—die legende oor Hom hierrond, is hierdie Man buite—egtelik gebore. Tog, Hy, sekerlik, Hy's van die Duiwel. Sien, Hy's—Hy's van die Duiwel. Hy is buite—egtelik gebore, en Josef het net met haar getrou om te keer dat hulle haar stenig, want sy was 'n egbreekster. En daardie Man kom hier en vertel ons priesters wat om te doen?"

190 En daar was God wat daar gestaan het, wat daardie Woord openbaar het, en uitroep: "My God, waarom het U My verlaat?" Die einste liedere wat hulle in die tempel gesing het, wat Dawid vir hulle jare gelede gemaak het, wat dui op Christus. "Al My bene, hulle staar na My. Hulle het My hande en My voete deurboor." En daar het hulle daar gestaan, en dit gesing. En die einste Man sterwend aan die kruis. En toe hulle klaargemaak het en die . . .

191 Toe Hy gesterf het, het die God van die Hemel afgekom soos Hy het op die Berg Sinaï, met Heilige Vuur, en daardie tempelsluier van bo tot onder verbrand, uitmekaar geskeur. En wat kon hulle doen? Reguit by daardie tempelvenster uitkyk, op Golgota, en daar was God oop en bloot, die Offerande.

192 Maar hulle sien Dit steeds vandag nie. God het in hierdie laaste dag daardie tradisies weggeskeur en die Woord vir hierdie eeu oop en bloot gemaak, en hulle weet Dit steeds nie. Hulle weet Dit net nie. Dis—dis so eenvoudig. Sien, dis net so eenvoudig. Dis so ver weg van die dinge van die wêreld.

193 Ek het die ander dag by 'n sekere byeenkoms gepreek, oor: "Om 'n gek ("nut") te wees." Een van hierdie dae wil ek daaroor praat: "Om 'n gek te wees." Ons is almal gekke vir iemand, so—so ek sal een wees vir Christus. Paulus het gesê hy: "was gereken as 'n dwaas." Sekerlik, jy moet wees. Sien, dit neem 'n gek ("nut"—moer), om dinge bymekaar te hou. Sien? Dis reg.

194 So let op die sluier, die menslike sluier. Nee, nou, die sonde—liefhebbende mense kon dit nie sien nie. Hierdie tradisionele godsdienstige mense, hulle kon dit nie sien nie, want Hy was 'n man. Hoekom? Daardie menslike vlees het God weggesteek.

195 Nou, as Hy 'n groot Vuurkolom was, wat afgekom het, sien, 'n groot Vuurkolom wat afgekom het, en hulle gewys het wat Hy was, dat Hy hierdie groot Vuurkolom was, mag hulle dit geglo het; as Jehova sou rondgegaan het.

Maar julle sien wat Hy gedoen het, sodat Hy al daardie slim, wyse mense kon omseil, Hy het Homself net geopenbaar soos Hy Moses belowe het, sien: "Ek sal met hulle praat deur 'n Profeet." En Hy was Seun van die mens, 'n Profeet. En party van hulle het Dit herken, omtrent een honderste persent van eenhonderd in die wêreld, hulle het Dit geglo; die res van hulle het nie. Maar, Hy was, net dieselfde.

196 Maar daar was die Magtige God wat oop en bloot staan, die Genadetroon! Hy het gesterf met Sy Eie kinders wat sê. . . Sy Eie kinders daar, wat sê: "Ons wil Hom nie hê nie! Weg met Hom!" Op Hom gespuug.

197 'n Tipe, destyds, toe Dawid die tempel verlaat het, verwerpte koning. Het afgegaan deur die straat, en 'n klein, ou verkreupelde kêreltjie wat aangekruip het, nooit van hom gehou het nie, hy het hom "ou skynheilige" of iets genoem, het reg in sy gesig gespuug. En daardie wag het die swaard uitgetrek, gesê: "Sal ek daardie hond se kop op hom laat bly; en op my koning spuug?"

198 Dawid het gesê: "Los hom, God het hom gesê om dit te doen." En Dawid het waarskynlik nie geweet wat hy gesê het nie. Het met die berg opgegaan, teruggekyk, gehuil.

199 Agthonderd jaar daarna, het die Seun van Dawid dieselfde berg geklim, uitgekyk, gehuil oor Jerusalem, 'n verwerpte Koning. En hulle het in Sy gesig gespuug.

200 Sien julle nie? Dis dieselfde ding. Sien daardie Woord wat afkom, wat vandag voortgaan? Altyd verwerp deur die meerderheid, sien, en geglo in die minderheid.

201 Nou, sien, hulle kon Dit nie glo nie. Daardie Grieke, hulle kon Hom nie sien nie, Hy was in Sy menslike tempel. "Tog," het hulle gesê: "hierdie man se naam is Jesus; Hy kom van Násaret."

202 Nou, hulle het net een naam daar in daardie dae gehad. Soos: "Johannes, Jim," hulle sê: "Johannes van Jeffersonville, Jim van New Albany," of so—iets soos daardie, julle sien.

203 Hy het gesê: "Hierdie is Jesus van Násaret. Daar word algemeen geglo dat Sy moeder deur 'n soldaat bevrug is." Sien? En dan is dit presies wat hulle geglo het. Sekerlik! En sê, hulle het gesê, nou: "En hierdie is Jesus van Násaret." Julle sien? "Wie is Hy?" Sien, hulle kon Dit nie verstaan nie.

204 Maar, tog, hierdie Woord vir daardie dag, toe Hy gepreek het, gesê: "Ondersoek die Skrifte. Daarin dink julle julle het die Ewige Lewe, en Hulle getuig Wie Ek is. As julle My nie kan

glo nie; vergeet My, as 'n sluier, glo die Woord wat voortkom. Twee is 'n getuie," Hy het gesê: "Ek spreek en die Vader spreek vir My." Amen. Dis reg.

205 Ek praat van die Woord van hierdie dag, en die Vader bevestig Dit. Nou is dit 'n getuienis aan julle? [Gemeente: "Amen."—Red.] Dit is, sien. Dis hoe dit vervul moet word.

206 Let op in Tweede Korinthiërs nou, die...in Tweede Korinthiërs, 3de hoofstuk, die 6de vers, die ou tempel het God agter ou velle gehuisves, van die Jode. Toe die ou sluier geskeur was, steeds die Jode...verblind vir Wie Hy was, en Wie Hy steeds is. En toe het Pinkster geopenbaar Wie die ware en lewende God was, toe daardie sluier in twee gesny was, met God, van bo af. Hoekom het daardie sluier dit gedoen? Hoekom het dit dit gedoen?

207 Hoekom het daar so 'n Boodskap vandag gekom om te doen wat Dit gedoen het? Hoekom het Dit gekom? Hoekom?

208 Daar was iemand wat my sou bel, eendag hier nie lank gelede nie, wou met my debatteer oor die—die kerkeeu, dat: "God in Sy heilige kerk was," en dinge soos daardie. En ek het uitgevind dit was 'n sekere vrouepredikeer, en ek het net daarvan vergeet. Sien, as dit 'n sekere man was, sou dit in die haak wees, sou dit anders wees. Maar, so, maar wat is die nut om regoor in 'n ander land in te gaan daar, wanneer ek 'n diens hier moet verlaat om dit te doen, julle sien? So ek het hulle net alleen gelaat. Die blinde lei die blinde, hulle—hulle val almal in die sloot.

209 So, so nou in hierdie eeu, wanneer die ou denominasionele en tradisionele sluier weggeskeur is, van die Woord van God, sodat Dit gemanifesteer kan word! Julle sien wat ek bedoel? Die tradisie sê: "Al daardie dinge is verby." [Broer Branham wag—Red.] Laat Dit 'n bietjie insink. "Die dinge is verby." Maar, in hierdie laaste dag, is daardie tradisionele sluier uitmekaar geskeur, en hier staan die Vuurkolom. Sien? Hier is Hy, wat die Woord van hierdie dag manifesteer. Die sluier is geskeur.

Nou, die wêreld, glo Dit steeds nie. Maak nie saak wat nie, hulle sien Dit nie. Hulle sien Dit nie. Dit was nie vir hulle gestuur nie.

210 Onthou, die Seun van God was nie geopenbaar aan Sodom nie; twee boodskappers was. Dis reg.

211 Maar, hierdie, God Self in menslike vlees was geopenbaar aan Abraham, die Uitverkorene. En kyk wat Hy gedoen het om Homself te openbaar. En nou het Abraham geweet, toe Hy geweet het wat in Sara se gedagte agter Hom was, het hy gesê, Hom genoem: "Elohim! U dienaar..."

212 Let nou op, sodat dit gemanifesteer kan word. Die Woord het 'n sluier Daaroor gehad al hierdie jare, vir die mense: "Dit kan nie gedoen word nie."

213 Julle onthou die preek wat ek daardie oggend gepreek het toe ek die eerste keer hier weggegaan het, oor Goliat en Dawid? Ek het gesê: "Kyk na die uitdager daar buite, wat sê dat 'die dae van wonderwerke verby is.'"

Hou daardie bande dop soos hulle afkom, hou elkeen dop, hoe Dit duideliker en duideliker ingekom het; as jy ore het om te hoor, sien, oë om te sien.

Wat? Ek het gesê: "Daar staan daardie groot kerkwêreld daarbuite, wat in hierdie wetenskaplike eeu is, dat dit nie gedoen kan word nie." Maar ek het gesê: "God . . . " In daardie Lig, voor Dit ooit geneem was, behalwe eenkeer; was toe nooit geneem nie. Dit was onder op die rivier daar; hulle het nooit die foto Daarvan geneem nie. Sien? Ek het gesê: "Hy het vir my gesê dat dit gedoen sal word; Hy sou 'n oproep maak en dit sou die nasies deurkruis."

214 En selfs tot Doktor Davis, het gesê: "Jy, met 'n grammatika skool geleerdheid, deurgekom tot in die sewende graad, sal vir konings en monarge bid, en 'n herlewing begin wat die nasies sal deurkruis?"

Ek het gesê: "Dis wat Hy gesê het."

215 En dis gedoen. Sien? Sien, dis gedoen. Dis die ding daaromtrent, is, Hy het geen interpretasie nodig nie. Hy doen dit. Sien, Hy het dit alreeds gedoen, dit interpreteer ditself, sien, wat Sy Uitverkorenes uitroep, sien, uit—uit alle lewenswandels. Nou is dit gemanifesteer.

216 Ek het gesê dat Dawid daarbuite gestaan het, 'n klein, pieperige, maer kêreltjie met sy rug heel kromgetrek, 'n slingervel in sy hand. En, tog, Saul het na hom gekyk, die hoof van die predikersvereniging, het gesê: "Wel, jy, jy's nie eers opgelei nie!" Hy het gesê: "Laat my kyk of ek vir jou 'n Ph.D. of iets kan gee." Het hierdie wapenrusting op hom gesit, dit . . . Hy't uitgevind dit het nie 'n man van God gepas nie.

217 Gesê: "Haal die ding van my af." Gesê: "Ek weet niks daarvan nie." Gesê: "Laat my gaan op die manier wat ek ken, waarmee ek die leeu beveg het, waarmee ek die beer beveg het." Hy was soort van 'n woudsman. Hy het gesê: "Laat my gaan op hierdie manier."

218 En hierdie ou Goliat het gesê: "Stuur julle 'n hond uit om met my te veg?" Gesê: "Ek sal jou optel op die punt van my spies en jou karkas daarbo hang en die voëls dit laat eet."

219 Dawid het gesê: "Jy ontmoet my as 'n Filistyn, en 'n wapenrusting en 'n spies, en ek sal jou ontmoet in die Naam van die Here God van Israel." Hou die profeet, Dawid dop,

gesê: "Vandag kap ek jou kop van jou skouer af." Amen! O, goeiste! Hy het geweet wat hy gehad het, wie hy geglo het, en was ten volle oortuig dat Hy in staat was om dit wat hy aan Hom toevertrou het, te hou. Sien? So dit het in elk geval gebeur.

220 Die ou gesegde: "Die dae van wonderwerke is verby," die mure is afgebreek! Jehova staan steeds oop en bloot, en manifesteer Sy Woord, ontsluierde Een. Dis reg. Let op.

221 Die Heidenkerk is ook verblind vir daardie sluier, nadat dit afgeskeur was en God getoon het, die kerklike sluier. Hoe? Deur die Woord weer in die mens te versluier. Dis presies wat Israel nie kon sien nie. As dit een of ander Engel of iets was, sou Israel Dit geglo het. Maar omdat . . . Dit kon nie 'n Engel gewees het nie. Dit moes 'n mens gewees het. Amen!

God kan nie Sy Woord verbreek nie. In die laaste dae moet dit weer dieselfde ding wees. Sien? Wat het Israel verblind? Daardie Man. "Jy's 'n Man wat Jouself God maak." Dis waaroor hulle Hom doodgemaak het, en, vandag, omdat die Boodskap deur 'n mens en nie Engele kom nie. Sien? God kan nie Sy manier verander nie, Sy Woord verander nie. Hy het gesê Hy verander nie. Sien? Let op, beloof! En die Heidene is vandag net so blind soos Israel was, as gevolg van (wat?) die sluier. God versluier in 'n mens, het Israel verblind.

Let op, het altyd een verblind. Een, sal Dit verblind; die ander, sal Dit die Waarheid openbaar. Dit sal die oë van sommige sluit en die oë van die ander open.

222 Kyk, Jesus het gestaan en gesê: "Wel, jou naam is—is—is Simon, en jou vader se naam was Jonas."

Hy het gesê: "Here God!" Sien? Filippus . . .

Hy het gesê: "Wanneer het U geweet?"

Hy het gesê: "Aanskou 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!"

En hy het gesê: "Rabbi, wanneer het U my geken?"

223 Hy het gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien."

224 Hy het gesê: "Rabbi, U is die Seun van God. U is die Koning van Israel."

225 Wel, daar het diegene daar gestaan, gesê: "Hy is Beëlsebub." Sien? Wat het Dit gedoen? Een se oë geopen, die ander verblind. Wat het die priesters gesê? "Wel, daardie Kêrel is Beëlsebub!"

226 Die vroutjie het gesê: "Ek weet Messias kom, wat die Gesalfde genoem word. Sien, die Gesalfde sal kom. Ons het nie profete gehad . . . U moet 'n profeet wees. Maar die Gesalfde sal kom. Ons soek na Hom. Hierdie is die laaste dae vir die

Heidene. . . of vir die Jode." Gesê: "Hierdie is die laaste dag." Sien, beide Samaritaan en Jood het gesoek na 'n Messias. Sien? Gesê: "Hierdie is die tyd vir Hom om te verskyn. Ons weet, wanneer Hy kom, sal Hy hierdie dinge doen. Hy sal ons hierdie dinge vertel."

Hy het gesê: "Ek is Hy."

Haar oë was geopen; die polisie, priesters was verblind.

227 Dis wat die Evangelie altyd doen. Dit open die oë van sommige, openbaar die Waarheid aan sommige, terwyl Dit die andere verblind; het 'n tweeledige betekenis. Sommige kan daardie Seun neem en reguit Daarin kyk, en blind word; andere kan Dit neem en uitstap Daarmee. Dis die verskil.

228 Soos dit in elke eeu gedoen was, Goddelikheid versluier in menslike vlees. Let op, Hy het. Die profete was Goddelikheid, versluier. Hulle was die Woord van God (is dit reg?) versluier in menslike vlees. So, hulle het ook nie ons Moses opgelet nie, sien, Jesus.

229 Let op, versluier agter die ou dassievelle in die ou tempel, was die Woord, was die Woord gemanifesteer op kliptafels.

230 Nou, ek gaan probeer om weg te kom in omtrent twintig minute nou, as ek kan, maak dit half twaalf. Let op, as julle oplet, ek het 'n paar bladsye hier geblaai, julle sien, om te keer dat. . . sodat ek nie sal sny die. . . dit te lank maak nie. Ek weet julle is warm, moeg.

231 Agter die ou tempel, in die sluier, wat was daaragter? Wat was Jehova? Wat was daaragter weggesteek? Wat het die sluier weggesteek? O, halleluja! Wat het die sluier weggesteek? Dit het die Woord weggesteek. Die sluier, ou dassievelle, was weggesteek, het die Woord vir hulle oë weggesteek, natuurlik. Daaragter, ook, was die toonbrood. Daaragter, ook, was die Shekinah Heerlikheid. Maar Dit was alles weggesteek van hulle. Dit was alles weggesteek. Al die Heerlikheid van God was reg agter daardie ou dassievel, dis reg, alles weggesteek vir die natuurlike oog.

232 Dit is vandag, ook. Dit word genoem "'n klomp holy—rollers, fanatici," maar hulle weet nie wat daaragter weggesteek is nie. Dis wat hulle nie weet nie. Sien?

233 Toe, toe God, in genade, die sluier geskeur het vir hulle om te sien, was hulle so vasgevang in hulle tradisies hulle. . . dit was steeds weggesteek vir hulle, selfs tot hierdie dag.

234 Dieselfde nou! Die Heerlikheid, die Krag van die Heilige Gees, die Shekinah Heerlikheid wat oor die gelowige kom, ek bedoel nou die ware gelowige, wat die werke van God laat plaasvind en die geloof in hom laat inkom, om die Woord van God te glo, dis alles weggesteek vir hulle oë. Hulle sê: "Daardie dinge is verby." Julle sien, hulle lewe steeds agter die sluier.

Julle is nie meer agter daardie sluier nie, Kleintjies, God het oop en bloot geword vir julle.

235 Die ander dag, Broer Fred Sothmann, Broer Tom Simpson. . . Ek weet nie of hy ooit hier gekom het of nie. Verskeie van ons was bo by 'n Baptiste kerk, en die prediker het iets gesê wat baie goed geklink het. Almal van ons het gesê: "Amen!" Almal in die kerk het hulle nek uitgerek en agtertoe gekyk. Sien? Sien? Ons het 'n krummel gekry wat gekom het van agter die Shekinah daar, julle weet, en ons was soort van bly om dit te kry. Ons het gesê, met ander woorde: "Dankie, Here!" Sien? En, toe hulle het, hierdie kêrels was so versluier dat hulle daarvoor gelag het. Hulle het nie geweet waaroor Dit gegaan het nie. Sien? Hulle is steeds versluier. So, daar is sommige binnekant en sommige buitekant. En so. . . Maar God is oop en bloot vir ons, weggesteek. Dieselfde nou!

236 Toe, toe God, in Sy genade, die sluier geskeur het, is Hy oop en bloot gemaak. Maar, hulle was so vasgevang in hulle tradisies, Hy was steeds weggesteek vir hulle.

Selfde nou! Al daardie Heerlikheid, weggesteek, is weggesteek vir ons in Christus, die Woord, Wie ons Tempel is.

237 O, nou, sal ek 'n bietjie hierin moet ingrawe. Verskoon my vir my emosies vanmôre, maar, o, ek—ek wou hierdie so lank uitgee, ek. . . dit bind net op in my. Sien?

238 Let op, al die Heerlikheid wat in God is, is in die Woord. Al die seëninge wat in God is, is in die Woord. Dis weggesteek, vir die ongelowige, deur tradisies. Sien wat ek bedoel? Maar Dis alles in Christus. Alles wat God was, Hy het Homself *uitgegiet*, "kenos," en in Christus ingekom; en ons, in Christus in, is agter die sluier.

239 "Wel, ek's in Christus," sê julle. En glo dan daar is drie Gode? Doop in die naam van "Vader, Seun, en Heilige Gees"? Glo in al hierdie tradisies en dinge waarin julle glo, van die ouderlinge? Nee, julle is steeds agter die sluier. Sien? Kom in die sluier in. Hy, Christus, is die Woord.

240 "Hoe? Ek glo nie in Goddelike genesing nie. Ek glo nie in hierdie wonderwerke en dinge soos Daardie nie."

241 Wel, julle sien, julle's—julle's nie in nie, binnekant die sluier nie. Julle weet niks Daarvan nie. Sien? Christus is die Woord! En wanneer ons in die Woord is, is ons in Christus. En hoe kan ek in Christus wees, en Christus ontken? Dit was Hy wat gesê het: "Nie een woord sal bygevoeg of weggeneem word van nie." Hoe kan julle wegneem van en byvoeg by, dan? Sien, dit wys julle watter sluier julle weggesluier het. Sien?

242 Ons in Hom! Dan ons, wat in Hom is, ons is steeds versluier vir die godsdienstiges en professors van die wêreld. Sien, ons Heerlikheid wat ons het en geniet, ons is steeds versluier vir

daardie buitestaanders. Hulle dink ons is "kranksinnig, 'n gek," weer. Sien? Sien? Dis reg. Maar ons wat hierbinne is, in Christus, in Hom ingedoop, (Eerste Korinthiërs 12) in Hom in, ons is deelgenote van hierdie Heerlikheid. Sien? Maar nie aan die buitekant nie; julle kyk steeds in, ontken Dit. Sien?

243 So nou word ons genooi binne—in Hom ingenooi, om deelgenote te wees van alles wat Hy is. Ons word in Hom ingenooi, wat weggesteek is vir ongelowiges, deur die sluier van menslike vlees. Sien? Hulle ken daardie Heerlikheid, hulle lees Daarvan, Dis in die Woord hier: "die Heerlikheid van God" en dinge soos daardie, dis net 'n woord vir hulle. Aan ons, is dit 'n manifestasie! Sien? Dis nie meer 'n woord nie; dis 'n werklikheid! Amen! [Broer Branham klap sy hande een keer—Red.]

244 God het gesê: "Laat daar lig wees," dit was die woord. Maar nou is daar lig. Dit is nie die woord nie; dis die lig. Sien wat ek bedoel?

245 Nou is dit nie net 'n geskrewe Woord vir ons nie, dis 'n werklikheid. Ons is in Hom. Nou geniet ons. Nou aanskou ons Hom. Nou sien ons Hom, die Woord, wat Homself manifesteer. Dis weggesteek, daarbuite, omdat (hoekom?) Dit versluier is in menslike vlees. Sien?

246 O, hulle sê: "Daardie klomp mense, waar het hulle skool toe gegaan? Watter—watter opvoeding het hulle? Waar, van wat—van wat het hulle gekom? Watter—watter—watter groep behoort hulle aan?" Sien? Huh! Sien, hulle begryp Dit nie.

247 'n Man het vir 'n ander man gesê, die ander dag, gesê: "Jy moet aan 'n denominasie behoort om 'n Christen te wees."

248 Hy het gesê: "Ek is 'n Christen; ek behoort nie aan enige van hulle nie." Uh—huh. Gesê: "God het hierdie kanker uit my geneem," gesê: "nou wat dink jy daarvan?" Dit was 'n dokter. Hy het gesê: "Wys my die denominasies wat dit doen." Sien? Goed. Sien? Dis steeds versluier.

249 Ons is binne—in Christus. Nou, soos toe, sien alle ware gelowiges Hom, die Woord van belofte van hierdie dag, openlik gemanifesteer. Dis 'n groot woord as julle dit kan begryp. Sien? Sien? Alle ware gelowiges, wat in die Woord is, sien God openlik. Die sluier is geskeur, en God staan openlik voor julle, gemanifesteer. Sien? God, gemanifesteer, oop.

250 Om dit te kan doen, moet ons ou denominasionele tradisionele sluier weer geskeur word. Om regtig te kan sien wat Dit is, moet julle onder daardie goed uitkom. Sien? As julle dit nooit sal doen nie; sal hulle daardie sluier voor julle bly aftrek, elke keer: "O, daar is niks Daaraan nie." Maar hier is Dit geskryf, en hier word Dit gemanifesteer, julle sien. Sien?

251 Nou, wat as 'n kêrel weier om die son te sien, sê: "O, daar, ek weet God het gesê: 'Laat daar lig wees,' maar daar is glad nie so 'n ding nie. Ek gaan onder in die kelder. Ek—ek weier net om dit te sien"? Die kêrel is kranksinnig. Daar is iets verkeerd met hom.

252 Daar is iets verkeerd met 'n man of vrou, wat die belofte van God kan sien en, Dit gemanifesteer sien word, en dan weier om Dit te glo omdat die denominasie die sluier aftrek. Sien, versluier!

253 Om dit te doen, moet ons denominasionele tradisionele sluiers gebreek word, deur God se Gees van Vuur en Swaard, wat Sy Woord is. Sy Woord is altyd Sy Swaard. Sien? En Hy het Sy Swaard daardie dag geneem, vol Vuur, en daardie sluier van bo tot onder geskeur. Hy doen dieselfde ding met dieselfde Swaard vandag! Nie "my geloofsbelydenis, my boek van geloofsbelydenisse, my—my kategisme," nie. Maar die Swaard van die Here, sien, skeur die sluier af, en julle sien God wat oop en bloot staan, gemanifesteer in Sy Woord. Wat 'n glorieryke gesig om na te kyk! Sien? Goed. God se Heilige Gees en Vuur, Sy Swaard, skeur dit. Die Woord skeur die denominasionele sluier.

254 Wel, as julle net sou sê: "die Woord," en die Woord werk nie? Watter nut sal die Swaard dan hier wees, en sê: "Dit kan nie skeur nie"? Sê: "Uh," en dit wil nie skeur nie?

255 Maar as julle die Swaard van God daarbo laat lê en kyk hoe sy skeur, sy word—sy word vasgehou deur 'n verordineerde hand wat gestuur is om so te maak. Sien, skeur dit oop, en daar is Hy. Daar wys dit God oop en bloot, die groot Jehova. Dit is Sy Woord gemanifesteer, die deel wat belowe is vir die dag. Begryp julle Dit? Sien? Wanneer die Swaard, belofte van vandag, in hierdie dag, wat veronderstel is om te wees, en God neem Sy Swaard en skeur die denominasionele sluier af en trek dit terug, en manifesteer Homself en wys dat Hy daar is, steeds daardie selfde Vuurkolom. Let op, dit is die Woord gemanifesteer vir vandag se beloftes.

256 Ons sien Dit soos Petrus het toe hy gesê het: "Here, na wie toe sal ons gaan, nadat ons Dit gesien het?" Waarnatoe sal ons gaan? By watter kerk sal ons aansluit, wanneer ons in Een gebore is? Sien? Wat kan julle. . .By watter denominasie kan julle aansluit nadat julle hierdie Waarhede ken, sien, wanneer hulle (elkeen) Dit ontken? Elkeen van hulle! Ek het nie een wat iets Daarvoor sal doen of sê nie. Reg. Dis reg.

257 Ek het begin gaan op hierdie reise hieronder, waar twee—en—veertig kerke in een plek die borg was; toe ek daar kom, het ek niks gehad nie. Elkeen van hulle het gesê: "Hy glo in Ewige sekuriteit." Dit het die wettiese mense uitgelaat. Een het gesê: "Hy doop in Jesus se Naam." Dit laat die res van hulle uit, sien. Een van hulle het gesê: "Hy glo in die saad van die slang. Die slang het geen saad nie!" Dit laat. . .

258 Die Bybel het gesê: "Ek sal vyandskap stel tussen haar Saad en die slang se saad." Sien dit?

259 Dit, die—die sluier, is van die Woord afgelig. Sien? Dis reg. Dis geopenbaar aan kindertjies. Dis—dis gelig. Hulle sien Dit. En sal wees, soos eens gesê het. . . Dis reg. Dan sal dit wees, soos eens gesê het: "Wanneer julle sien," wanneer die sluier afgeneem is van die Woord, die tradisies afgeneem is van die Woord, soos Jesus eens gesê het: "wanneer julle My sien, sien julle die Vader." Sien? God en Sy Woord is een. Verstaan julle nou? Wanneer die Woord gemanifesteer word, wat is Dit? Sien?

260 Jesus het gesê: "Ondersoek die Skrifte, julle dink julle het E—. . . Julle het God geglo, glo ook in My. As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie. Maar as Ek die werke doen, is Ek en My Vader een. Wanneer julle My sien, het julle die Vader gesien."

261 En wanneer julle die Woord gemanifesteer sien word, sien julle die Vader, God, want die Woord is die Vader. Die Woord is God. En die Woord, gemanifesteer, is God Self wat Sy Eie Woord neem en Dit manifesteer onder gelowiges. Niks kan Dit laat lewe behalwe gelowiges nie, net gelowiges. Dis nie. . . Dit sal nie. . .

262 Jy kan koring neem en dit plant in 'n—in 'n—'n verskillende soort van 'n grond, dit sal nooit groei nie. Maar, wat, dit moet 'n sekere bemesting in die grond hê om koring te kweek. En as daar geen—as daar. . . as die bemesting nie in die grond is nie—is nie, die koring nie ontkiem is vir daardie bemesting nie, sal dit nooit groei nie. So maak nie saak waar die Woord val nie, as Dit nie in die regte soort van hart val nie. . .

263 Jesus het so gesê. "Sommige het op die pad geval, op klipperige grond, en die voëls van die lug het gekom en dit opgeëet." En toe het Hy gesê: "Sommige het in die dorings en distels geval, wat opgekom en dadelik verstik het," tradisies, denominasies, sorge van die wêreld het Dit verstik. Maar het gesê: "Sommige het oorgegaan in goeie grond en 'n honderdvoudig voortgebring," gesê: "dis die Koninkryk van God."

Dis dieselfde ding, sien, sommige sal glad nie glo nie.

264 Sommige sal vir 'n klein rukkie glo, soos die dissipels. Hulle het Hom gevolg, baie van hulle, die sewentig het Hom vir baie jare gevolg, om uit te vind; omtrent 'n jaar en 'n half, of twee jaar; net om uit te vind, totdat hulle iets in Hom kon vind, sommige. . . soos 'n sekere manier wat Hy 'n sekere krag gehad het om hierdie dinge te doen, of soos 'n konynvoet, 'n towenaar van 'n soort, wat Hy kon produseer om hierdie dinge te doen, hoe Hy kon weet wat in die mense se harte was en wat hulle gedink het. En hulle het uiteindelik uitgevind dat Hy gesê het dat Hy "van die Hemel afgekom het," Hy "was Self die

Woord." En toe hulle dit gedoen het, dit was te veel vir hulle. Hulle het gesê: "Geen mens kan Dit verstaan nie." En hulle het weggeloop van Hom. Dis hulle wat tussen dorings geval het.

265 Dit bring terug na dieselfde ding, in elke gemeente, het jy skyngelowiges, ongelowiges, en gelowiges. Dit was in elke gemeente. Jy vind hulle die hele tyd. Sommige van hulle maak asof hulle gelowiges is, dis die ergste soort. En dan het hulle daardie wat eintlik ongelowiges is; hy sal jou nie pla nie, hy sal net wegloop en sy kop skud. Maar hulle wat skynglo, sê hulle is gelowiges, dis die soort, dis die soort wat jy moet dophou, is daardie skyngelowiges. En dan is daar sommige ware gelowiges. Sien daardie drie daar?

266 Daar was die ongelowiges. So gou soos Hy gesê het: "Eet die Vlees van die Seun van die mens," o, man, dit was dit!

267 Die ander was skyngelowiges. Hulle het gebly totdat, net soos Judas het, reg tot die einde.

268 Maar dan die ware gelowiges, hulle kon Dit nie verduidelik nie, maar hulle het Dit geglo, in elk geval. Hulle het deurgegaan.

269 Die sluier, tradisie van ongelowiges, weggeneem, sien jy God. Wanneer die sluier van tradisies weggeneem is, kan jy sien dat God steeds God van Sy Woord is. Hy hou steeds Sy Woord. Hy is die—Hy is die God, Outeur van Sy Woord.

Dit is weggesteek agter velsluiers, vir andere. Ja, dit is reg. Aan hulle wat nie agter die sluier kan kom nie, is Hy steeds agter velsluiers.

270 Let op. Dan, ons, dan word ons deel van Hom, omdat jy die sluier is wat Hom versluier. Jy is deel van Hom, solank as Christus in jou is, soos Christus in God was. Omdat God in Hom was, het dit Hom God gemaak. En omdat Christus in jou is, die hoop van Heerlikheid, word jy deel van Christus. "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen." Sien? Jy word deel van Christus solank as wat Christus weggesteek is in jou. Dan is dit weggesteek vir die ongelowige, maar jy weet Hy is in jou. Jy tempelves Christus, wat agter die sluier is, die vel. Dan ons, omd—. . . Agter, as gevolg van hierdie sluier, die sluier weer in menslike vlees, steek God (die Woord) weg vir die ongelowige.

271 Soos dit geskrywe is, sien: "Geskrewe, julle is geskrewe epistels," het die Bybel gesê. Nou, wat is 'n *epistel*? Dis 'n "geskrewe woord." As julle die "geskrewe" is. Ander woorde, julle lees Dit soos hierdie: "Julle," Dit het gesê: "julle is geskrewe epistels," of: "julle is die Woord, wat geskrywe is, gemanifesteer," niks kan Daarby gevoeg word nie. Jy kan nie sê: "Ek's 'n geskrewe epistel," en lewe 'n sekere ander soort

iets behalwe wat Hierdie alreeds geskryf het nie, want niks kan bygevoeg of weggeneem word nie. [Broer Branham tik op sy Bybel—Red.]

272 Soos Doktor Lee Vayle hierdie beroemde boek skryf, ek wil hê julle moet dit binnekort sien. Broer Vayle is hier, is op die gronde iewers. Ek het hom buitekant gesien. Ek dink nie hy kan inkom nie. Maar hy skryf 'n boek daar, en—en dis baie verstommend, van die Laodicéa Eeu. En ek wil hê julle. . . Dit sal van die drukperse af wees binnekort. So, ons neem die laaste lees daarvan nou, en het geskryf. Ons het Dit daarbinne bespreek, sien, omtrent. . .

273 Almal het altyd na my gekom, gesê: "Broer Branham, daardie sewe donderslae wat die stem gedonder het, en Hy het gesê: 'Moet Dit nie skryf nie, sien, maar maak Dit toe,'" gesê: "dit sal sewe donderslae wees wat in die laaste dae geopenbaar sal word, sien, sewe donderslae, wat ons sal vertel?" Nou, klink dit nie regtig goed nie? Sien? Maar kyk waarvan jy praat wanneer jy daarvan praat.

Hy het gesê: "Kyk dat jy Dit nie neerskryf nie." Sien? Hierdie sewe donderslae bring hulle stemme uit, sien, en Hy het gesê: "Moet dit nie skryf nie, sien, maar Dit moet verseël word in die Boek tot die laaste dae."

274 Nou iemand het, baie het vir my gesê, en teoloë het gesê: "Broer Branham, as die Here God. . . " Gesê: "As—as. . . Met jou ondervinding, wat die Here jou gegee het vir Sy mense," sê dit in nederigheid, het gesê: "sou jy geskik wees om self 'n—'n Bybel te skryf, jou Woord, as God gemanifesteer het."

275 Ek het gesê "Dit mag waar wees." Sien, hy het my probeer uitvang. Sien? En ek het gesê: "Maar, jy sien, ek kon dit nie doen nie." Hy het gesê: "Hoekom kon jy nie? Jy het al die kwalifikasies."

276 Ek het gesê: "Maar, jy kyk, een woord kan nie bygevoeg of weggeneem word nie." Sien?

277 En hy het gesê: "Wel, dan, daardie sewe donderslae, jy sien," gesê: "sou daardie sewe donderslae wat uitblaas, sou dit nie 'n Openbaring wees wat aan 'n sekere man gegee word nie?"

278 Ek het gesê: "Nee, meneer, dit sou iets Daarby voeg of Iets Daarvan wegneem."

279 Dis alles Daarin geopenbaar, en die Sewe Seëls het die openbaring oopgemaak van wat Daardie was! . . . ? . . . Sien, dis steeds in die Woord. Jy sien, jy kan nie uit daardie Woord uitkom nie. Dit sal nie die Woord verlaat nie. En God se Gees sal nooit daardie Woord verlaat nie. Dit sal reg by die Woord bly; sommige verblind, en die oë van andere open. Dit sal dit altyd doen.

280 "Julle is geskrewe epistels, gelees deur alle mense." Of, julle is...Ek vertaal Dit, draai om op hierdie manier, sien, draai Dit net om: "Julle is epistels wat geskryf is," want julle kan niks Daarby voeg nie: "wat deur alle mense gelees word; gemanifesteerde Woord van God," met ander woorde.

En Petrus en Johannes, om dit te wys, toe hulle soontoe gegaan het, het hulle opgemerk dat hulle onkundig en ongeleerd was, hulle het geen geleerdheid gehad nie, maar hulle het opgelet dat hulle by Jesus was. Sien? Hulle was onkundig en ongeleerd, maar hulle was geskrewe epistels, sien, gelees dat hulle saam met Jesus was. Want, Jesus het Homself gemanifesteer deur hulle, Christus versluier in hulle vlees; gemanifesteer, lewend gemaak.

281 Soos Hy in Moses was. Toe die Woord in Moses was, was hy God in vlees. Toe Dit in Jesus was, was Dit God in vlees. Sien? Enigste ding wat Hy gedoen het, was Sy masker verander, nie Sy Woord nie, nie Sy natuur nie. Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Hy het net Sy vorm verander. Hy het verander van Noag na Moses; Hy het verander van Moses na Dawid; van Dawid, Josef; en af totdat Hy gekom het in die volheid van die Godheid liggaamlik. Sien?

282 Dis steeds dieselfde God! Amen. Amen. Ek hoop dit dring deur. Sien? Dis dieselfde God, maar Hy neem net 'n ander sluier aan. Sien, Hy trek 'n ander sluier aan.

283 Hy het dit gedoen in die hervormers, 'n sluier aangeneem, 'n sluier aangeneem. Totdat, uiteindelik, Dit afgekom het deur die Lutherse tydperk, af deur die ander tydperk, toe uiteindelik het Dit uitgekom in die Volheid. Net voor Dit kom, staan 'n profeet weer op. Wat dit doen, dit voorspel die Woord, wys daar terug, openbaar wat gedoen is, wat uitgelaat is, wat die Kerk sonder sal...nie sonder begrip nie. Dan wanneer hierdie uitdoof, dan, soos Johannes gesê het: "Ek moet minder word, Hy moet meer word," dan kom alles—in—alles in Hom in. Hy is ten volle gemanifesteer, deur Luther, Wesley, en Pinkstertydperk, en verder aan, en verder aan. Hy is ten volle gemanifesteer, julle sien, afgekom, net die manifestasie, God wat ontvou. Sien Hom nou, let op, vervul in Sy beloftes vir hierdie dag, soos hulle het.

284 Nou Moses was die Woord daardie dag, want die Woord was vir hom gegee vir daardie dag; Moses. Josef was die Woord in sy dae, wat Christus presies uitgebeeld het. Sien, elkeen van hulle was die Woord.

285 En toe Jesus gekom het, was Hy die Woord in Sy volheid, want die hele plan van verlossing het in Hom gelê. Die hele plan van verlossing het nie in Moses gelê nie, het nie in Josef gelê nie, het nie in Elía gelê nie. Sien, hulle was net deel van

die Woord, wat Daarna gedui het. Sien? Nou let op, hou julle gedagte; hier kom Dit, soos ek sê. Sien, die hele plan was nie in hulle nie. Hulle het Daarop gedui.

286 Daarom, na Hom, die Volheid, kan ons nie na iets anders wys nie. Dit wys terug na Hom, die Woord. [Broer Branham tel sy Bybel op—Red.] *Hierdie* is die volledige Openbaring; niks kan bygevoeg word of Daarvan weggeneem word nie. *Daar* is die volledige Openbaring. Dit alles, 'n skaduwee van Hom wat kom; maar toe Hy kom, was Hy die Perfekte. Hebreërs 1: "God het in die ou tye gepraat met die vaders deur die profete," God het gespreek deur sluiers, die profete: "maar in hierdie laaste dae deur Sy Seun, Jesus Christus." Daar het julle dit. Ontsluier daarbuite op Golgota, die Seun van God, ontsluier.

287 Let op: "lewend gemaak." En, vandag, wanneer die Woord gemanifesteer is in menslike houers, sluiers, is dit absoluut die Woord vervul in daardie dag, wat terugkom na God. Deur gedoop te wees in Hom, volgens Eerste Korinthiërs 12, word ons geïdentifiseer met Hom. Amen.

288 Ek het gesê 'n halfuur, maar kan ek net 'n bietjie langer kry? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sien? Kyk, ek kan dit net nie reg hierin mis nie. Let op, geïdentifiseer met Hom!

289 Nou let op. Hoeveel Amerikaanse burgers is hier? Steek julle hande op. Goed, jy is 'n Amerikaanse burger, dan is jy geïdentifiseer met hierdie nasie. Wat ook al hierdie nasie is, moet jy wees. Is dit reg? Jy is al haar glorie en jy is al haar skande. Jy's geïdentifiseer met haar. Jy is 'n Amerikaner, so jy neem Amerika aan. Halleluja!

290 Ek was saam met George Washington toe hy die Delaware oorgesteek het. Ek is geïdentifiseer met hom. Dis reg. Ek was saam met Abraham Lincoln by sy Gettysburg Toespraak. Ek het daar gestaan. Ek was saam met die soldate op Guam, julle seuns, toe julle daardie vlag gehys het. Ek was daar. Ek's Amerikaans; ek's geïdentifiseer daarmee. Amen. Nou, om 'n Amerikaner te wees, wat ook al haar skande is in die Revolusionêr, ek dra dit, want ek's 'n Amerikaner. Dis reg.

291 En as 'n Christen, is ek geïdentifiseer met Hom. Amen! Ek was saam met Noag toe hy in die ark ingegaan het. Ek was saam met Moses toe hy uit Egipte uitgekom het. Amen! Ek was Elía op die Berg Karmel. Ja, meneer! Glorie aan God! Ek was saam met hom toe hy dit gedoen het. Ek was waarlik saam met Hom, ek het myself geïdentifiseer in Sy dood daar op Golgota, toe ek gesterf het vir die dinge van die wêreld, vir myself en alle tradisies. Ek was geïdentifiseer met Hom. Ek was geïdentifiseer met Hom op Paasoggend, toe Hy opgestaan het uit die dood. Ek was geïdentifiseer met Hom op Pinksterdag, toe die Heilige Gees afgekom het soos 'n magtige rukwind. Ek

was geïdentifiseer met Hom. Alles wat Hy was, is ek, alles wat ek was, is Hy; amen, deur dood te wees in Hom is ons geïdentifiseer met Hom. Wat Hy is, is ek. Amen!

292 Wat hierdie nasie is, is ek. Ek is trots om dit te wees. Ek is gereed om haar skande te dra. Ek is gereed om 'n smaad te dra om 'n Amerikaans te wees. Dis reg. Maar ek is dubbel dit vir Jesus Christus! Alles wat Hy ooit was, is ek. Ek hou daarvan om geïdentifiseer te wees met Hom.

293 Daardie apostels, toe hulle teruggekom het, het hulle gedink. . . hulle was bespot, en enigiets anders genoem, hulle het gedink dit was 'n groot eer om die smaad van Sy Naam te dra.

294 Ek is gelukkig vandag om een van hulle te wees, geïdentifiseer met die Woord, wat Christus is. Geïdentifiseer met Hom! Deur gedoop te wees in Hom, word ons geïdentifiseer; geïdentifiseer in Sy beeltenis, geïdentifiseer met Sy Woord, wat Hy is. As ek in Christus is, is ek Sy Woord; want Hy is die Woord en wat Hy is is ek. Amen! Begryp julle Dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed.

295 Die Woord gemanifesteer, of geopenbaar in daardie Openbaring daarbinne, dan wat plaas dit my? As Hy daardie Shekinah Heerlikheid is, is ek deel Daarvan. Amen! O! Amen! Dis reg. Die Woord Self geopenbaar, openbaar Homself.

Dink! Die verborgenhede van God bekend gemaak aan ons in hierdie dag, deur dieselfde Hemelse Boodskapper, wat bekend gemaak was aan hulle in daardie dae; let op, dieselfde Vuurkolom wat vir Moses gestuur het; dieselfde Vuurkolom wat op Moses was wat die Bybel geskryf het; dieselfde Vuurkolom wat Paulus ontmoet het op sy pad af na Damaskus.

296 En Paulus het die Nuwe Testament geskryf. Onthou, Matthéüs, Markus, Lukas, en Johannes, hulle het net geskryf wat hulle gesien het; maar Paulus het die Openbaring gehad. HY het Dit uitgelê, want hy het self die Vuurkolom ontmoet. En dink dieselfde. . .

297 Daar, Josef, almal van hulle het geskryf wat aangegaan het, elkeen het destyds in daardie dag geskryf. Maar toe Moses op die toneel gekom het, het hy die Openbaring gehad. Hy het die Vuurkolom ontmoet, en dit was geopenbaar aan Moses hoe Génesis. Hy het die eerste vier boeke van die Bybel geskryf, Moses het. Is dit reg? Want hy het God ontmoet in die vorm van die Vuurkolom, versluier in die Vuurkolom.

298 Toe Paulus Hom ontmoet het op die pad. . . Die dissipels het net geskryf wat hulle Hom sien doen het, maar Moses het die Openbaring gehad; het onder na Egipte gegaan vir drie jaar en gestudeer, en gesien dat God van die Ou Testament Jesus van die Nuwe was, die Openbaring! "Ek was nie ongehoorsaam aan die Hemelse visioen nie." Dis reg. Reg!

299 En dink daaraan! Dieselfde Vuurkolom wat oor daardie manne gekom het wat die Bybel geskryf het, is dieselfde Vuurkolom hier, vandag, wat die Bybel interpreteer. Amen! Hoe ons Hom dank daarvoor! Dieselfde! Wat 'n troos! Watter identifikasie! Ek is so bly om daarin geïdentifiseer te wees, ek weet nie wat om te doen nie! Ek sal liewer Daarin geïdentifiseer wees, as al die Baptis, Metodis, Presbiteriaan, Lutheraan, en al die res van hulle. Geïdentifiseer in daardie Woord waar daardie Shekinah Heerlikheid en Openbaring lê!

300 Die Vuurkolom wat sigbaar voor ons verskyn, identifiseer dat die Boodskap reg is, soos Hy het by Berg die Sinaï. Onthou, voor die ware boodskap voortgekom het, het Moses gepreek en hulle uit Egipte uitgelei; maar daar, voor die ware gebooie neergelê was (die Seëls was ingebring), het God afgekom voor die volk en bewys dat Moses deur Hom gestuur was, (dit reg?) in 'n Vuurkolom wat Moses gesê het hy gesien het in 'n bos en met hom gepraat het.

301 O, in hierdie laaste dae, om daardie selfde Vuurkolom reg onder ons te sien, wat dieselfde Woord spreek; nie net dit nie, maar Dit interpreteer deur Dit te manifesteer, en Dit te bewys, Dis die Waarheid.

So, die mense het nie een manier om nie te glo nie, behalwe as hulle net opsetlik wil. En, dan: "Hy wat opsetlik sondig nadat hy 'n kennis van die Waarheid gehad het, vir hom bly daar geen offerande vir sonde meer nie."

302 Let op, selfde Vuurkolom wat na Moses en Paulus gestuur is, wat die Bybel geskryf het, is nou gestuur om Dit te openbaar. Die genade van God, die onveranderlike God, wat die beloftes van Matthéüs 28: "Kyk, Ek is altyd met julle," vervul; wat Johannes 14:12: "Die werke wat Ek doen, julle ook," vervul; wat Lukas 17:28—29: "In die laaste dae sal die Seun van die mens geopenbaar word," vervul, sien, sien; Maleági 4: "Kyk, ek stuur vir julle Elía die profeet, wat die Geloof van die mense sal terug herstel na die oorspronklike Woord." Sien? Hoe hierdie . . . Sien? O, goeiste!

303 Hy het gesterf, om Homself aan ons te openbaar. Nou laat ons vir self sterf, om Hom aan andere te openbaar. Laat ons sterf vir die tradisies en dinge, om Hom te openbaar aan andere. Sterf vir die denominasies, om Hom te openbaar aan andere.

304 Let op, die ou tempel het daarin die Shekinah Heerlikheid gehad, en die Lig van die Shekinah oor die Woord. Die Woord is 'n Saad; Dit het die toonbrood slegs vir die gelowiges voortgebring. Die bloed was ook op die verbond; en die Bloed is die water, die water verlewendig die korrel, die koring, die saad, wat die Woord is.

305 Soos Jesus gesê het: "Soos Moses die koperslang opgerig het," en dan het Hy weer gesê: "God het die wêreld so liefgehad

dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het; wie ook al aan Hom glo, sal nie vergaan nie." Moses het die rots in die wildernis geslaan, om 'n sterwende volk te red, of water te bring. God het Jesus geslaan, om die Gees uit Hom voort te bring, vir 'n sterwende mensdom. Die Bloed het uit Hom uitgekom, wat: "Die waterbad van die Woord," is. Wat, die Water bring Lewe aan die Saad. En dit het die Shekinah Heerlikheid voortgebring; geskyn op die Woord, wat die toonbrood voortgebring het. En die toonbrood was net vir 'n uitverkore volk. Uh—huh. Dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

306 Breek nou in die sluier in, deur die sluier, in Sy Teenwoordigheid in, waar die Woord is (nie die geloofsbelydenis nie), die Woord; daarbinne die Shekinah Heerlikheid aanskou, die Shekinah, die Krag, die Heilige Gees wat skyn op die Woord, wat die belofte voortbring, wys jy's agter die sluier. Amen!

Ek het die geskeurde sluiers oorgesteek waar die Heerlikheid nooit faal nie, (Uh!)
Halleluja, halleluja; ek lewe in die Teenwoordigheid van die Koning.
Ek het die geskeurde sluiers oorgesteek waar die Heerlikheid nooit faal nie,
Ek lewe in die Teenwoordigheid van die Koning.

307 Die ou dassievel, denominasies, is afgeskeur. Ek het daar deurgebreek, in die Shekinah Heerlikheid in, en ek sien die Woord. Ek sien die Vuurkolom wat beweeg. Ek sien die Woord wat gemanifesteer word. Wat Hy gesê Hy sou doen in hierdie laaste dae, ek sien dit groei. Ek sien die kinders die Shekinah Brood eet wat kom van die rypword van daardie Woord, wat Dit glo. Amen! Watter wonderlike uur lewe ons in! Sien, die Shekinah was oor die Woord; en daaronder was die Brood. En daar was die Bloed gesprinkel, wat Dit water gee. Die Gees gee Lewe aan die Woord. En die . . .

Hoeveel het gelees, die band gehoor oor *Die Hofsaak*? Reken, baie van julle het. Julle sien daar, dit neem . . .

Daardie Woord moet groei. Om te kan groei, moet Dit in die regte soort grond wees. Sien? En God maak 'n belofte, en dit tref daardie hart, dit kan nie faal nie.

308 Noag het 'n honderd en twintig jaar gewag. Abraham het vyf—en—twintig jaar gewag, op die kind. God het so gesê, en dit het dit afgehandel. Sien? Wat is dit? Die Woord was daar benat deur geloof, deur Dit te glo, het dit hierdie resultate voortgebring. Dit het 'n seun voortgebring; dit het die reën voortgebring; dit het die vloed voortgebring; en dit het die maagd voortgebring wat verwag was.

309 ’n Profeet het gesê: “’n Maagd sal swanger word.” Sonder twyfel dat elke klein meisietjie gegaan het en haar babaklere gereed gekry het. Wel, hierdie profeet Jesaja, was geïdentifiseerde profeet, bevestig deur God. En die Here het gesê: “’n Maagd sal swanger word. Ek gaan hulle ’n bonatuurlike teken gee, ’n groot teken; ’n maagd sal swanger word.”

310 Daar, al daardie mense, daardie gelowiges, net soos julle is. En hulle het daardie profeet dit hoor sê, elke klein meisietjie . . . Elke man het gesê: “Dit gaan my dogter wees. Ja, meneer.” Almal het gegaan en hulle skoentjies gekoop en die doeke en alles, gereed gemaak, want hulle het geweet sy sou dit hê. Daardie geslag het verbygegaan, en hulle het gedink: “Daardie geïdentifiseerde profeet, bevestig deur God, hoe kon hy enigiets verkeerd sê? Dit moet so wees!”

311 Dit was agthonderd jaar later, maar sy het die baba voortgebring. “Hemel en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nooit verbygaan nie.”

312 “En dit sal gebeur in die laaste dae,” sê God. Sien, hier is ons, die—die Lig oor die Woord. As die lig van die son die saad van heerlikheid tot heerlikheid verander, word—word ons ook meer soos Hy, soos ons in Sy Teenwoordigheid lewe; soos Hy, word gelykvormig gemaak aan Sy geseënde gestalte, soos ons met Hom wandel.

313 Kyk wat die son doen. Jy plant ’n saad, wat gebeur? Daardie saad verrot. Binne—in die saad is ’n lewe. Die lewe kom voort en bring ’n stingel voort. Nou, dit lyk nie soos die eerste nie.

Daar is Luther. Dit was ’n stingel. Goed.

Die stingel het aangegaan en, die eerste ding waarvan jy weet, het dit ’n pluim voortgebring. Sien, dit was die Wesleyaanse herlewing; was nie soos die ander nie.

Toe het die Pinkster herlewing aangebreek, sien, die doop van die Heilige Gees voortgebring. Goed.

Wat het gebeur? Ons het swam op die aar gekry. Dit begin verkeerd lyk. *Hierdie* ding, *daardie* ding, dit lyk nie soos die Woord nie. Dis nie soos die res Daarvan nie. Dis nie soos die oorspronklike Korrel wat ingegaan het nie.

314 Maar God is steeds daar om dit—dit net dieselfde te maak. Let op, wat doen dit? Dit keer uiteindelik weer terug na die oorspronklike Saad. Toe Hy in die vorm van Martin Luther gekom het; toe Hy in die vorm van John Wesley gekom het; toe Hy in die vorm van die Pinksters gekom het; Hy is veronderstel om Homself weer te openbaar soos dieselfde Saad wat ingegaan het, die Seun van die mens. Hy het Homself openbaar as Seun van God, deur die stingel tydperk ensovoorts, maar in

hierdie laaste tydperk moet Hy Homself weer openbaar as Seun van die mens. Begryp dit? [Die gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed, soos die begin, gevorm!

315 En wat groei daardie stingel? Dit groei die hele tyd. Daardie klein stingel groei, steeds is dit nie soos die oorspronklike korrel nie. Luther se boodskap was ook nie; nee, die—die ander boodskappe kom aan, Finney, Sankey, Knox, Calvyn, verder aan, nie een van hulle nie. Hulle was steeds die boodskap maar, wat dit was, hulle het nie die volledige Openbaring Daarvan gekry nie, omdat dit nie tyd was nie. Jy kan nie die aar op die mielie sit voor dit tyd is om te kom nie. Sien? En toe, uiteindelik, daar kom die oorspronklike Saad weer terug wat in die grond ingegaan het.

316 Sien God volg die natuur presies. Sien, Hy is 'n lam gebore, dis die rede waarom Hy buite in 'n krip gebore is. Lammers word nie in beddens gebore nie. Sien, Hy was *gelei* na die Golgota. Lam, skape word gelei. Dis reg. Bokke lei hulle na die slagting, julle weet dit, 'n slaghuis. 'n Bok lei hulle, maar hulle moet gelei word. Huh! Dis reg. So Hy was gelei na die slagting, sien, omdat Hy 'n Lam was.

317 Alles het Hom in die natuur geïdentifiseer. Dis die rede waarom Hy gebore is in Maart of April, nie in Desember nie; Hy kon nie wees nie, daar's twintig voet sneeu daarbo in daardie tyd van die jaar. Nie enige son—god nie, maar Hy was die Seun van God. Sien? Romeinse son—god op die vyf—en—twintigste dag van Desember wanneer die son sy plekke daarbinne verbygaan en hulle het die Romeinse sirkusse gehad, en het die son—god se verjaardag genoem, en hulle het dit die Seun van God gemaak. Nee, nee. Hy was die Seun van God. Sy verjaardag was saam met die res van die natuur. Presies.

Nou let nou weer op soos ons aangaan, ons het 'n bietjie tyd oor.

318 Nou na die volmaakte. Nadat die stingel gevorm is; nadat die pluim gevorm is; nadat die korrel op die stronk gekom het; dan moet dit na volmaaktheid kom, weer terug na die gewone korrel.

En, onthou, die korrel moet bevrug word. Sien? Indien nie, sal dit nie lewe nie. Sien? Niks daarvan wat buitekant daardie boodskappe was, sal ooit Lewendig word nie. Dit moet Daartoe bevrug word. Maar, onthou, dieselfde Lewe wat in die stingel was, is in die korrel. Dit maak net ditself reguit terug ryp, sien. Hy het Homself openbaar, (wat?) Seun van die mens, die korrel wat in die grond ingegaan het. Begryp die Boodskap? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

Die Grieke het vir Hom gesê: "Ons wil Jesus graag sien."

319 Hy het gesê: "Behalwe as 'n koringkorrel in die grond val." Sien? Goed.

320 Nou wat het Hy Homself volgende openbaar? In 'n ander vorm; stingel en pluim, ensovoorts, en al die blare en alles. Hy het Homself toe geopenbaar, (wat?) selfde Gees, maar in 'n ander vorm. Sien? Maar wat is die laaste van daardie mielie? Dit kom terug na die oorspronklike korrel. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

321 En Sy bediening kom, van daardie hervormings af, weer terug na die oorspronklike Woord. Die Woord kom na 'n profeet. En Hy het dit belowe, in Maleági 4: "En om die Geloof van die mense te herstel na die oorspronklike korrel." Wat in die grond ingegaan het is hier dieselfde. Die korrel het hierdeur opgekom. Dit het opgekom as Seun van God, nou openbaar Dit Ditself hier as Seun van die mens, en dan openbaar Dit Ditself as Seun van Dawid op die Troon. Sien, daardie drie seuns, net presies. O, goeiste, weer soos die oorspronklike!

322 Nou na die volmaakte bediening van Homself; nie 'n sekere man nie, nie 'n sekere denominasie nie, soos hulle deur daardie tydperk daar afgewerk het, sien; maar Homself gemanifesteer, manifesteer Homself aan die belofte, en maak Lukas 17:28, Maleági 4, ensovoorts, Hebreërs 13:8, net presies reg. Teen daardie tyd, watter tyd behoort dit te wees? Wanneer die koninklike Saad van Abraham soek na die beloofde Seun. En alle tipes moet vervul word. En God Self het in die vorm van 'n mens verskyn, aan Abraham se natuurlike saad, voor die vernietiging, en Jesus het gesê dit sal dieselfde ding wees aan hierdie koninklike Saad voor die beloofde Seun terugkeer.

323 Let op die ou sluier wat die Heerlikheid weggesteek het. Die ou dassievelle, daar was geen skoonheid om dit te begeer nie; ook nie Sy vlees nie. Dis die rede waarom mense gesê het: "'n Klein ou geboë Kêreltjie soos daardie?" Waarskynlik dertig jaar oud, en grys, en Sy baard grys, was nie veel om na te kyk nie. Die Bybel het gesê: "Daar is geen skoonheid dat ons Hom sou begeer nie." Hy het nie gelyk soos 'n Koning nie, die ou dassievel, maar, o, wat was aan die binnekant!

324 En 'n klein groepie van "holy—rollers" wat bymekaar sit in 'n warm gebou soos hierdie, noem hulle hulle, nie veel skoonheid om begeer te word nie, maar wat is aan die binnekant! Ek is seker dis versluier vir baie harte, julle sien. Julle sien? Goed.

325 Uiterlik was Dit niks, maar alles was aan die binnekant. Eenmaal aan die binnekant Daarvan, dan sien jy Dit. Hoe kom jy Daarin; deur hande te skud, aan te sluit? Nee. Gebore Daarin. Sterf, ontslae raak van jou ou dassievel, sien, jou ou self, om in 'n nuwe een in te kom. Sien? Versaak die ou dassievel.

326 Die Shekinah Lig doen nie. . . Luister, predikers! Predikers, ek wil hê julle moet Hierna luister. Wanneer eenmaal binnekant. . . Nou ek gaan hierdie baie maklik neem, sodat julle seker kan wees om Dit te kry. Eenmaal binnekant

die sluier, onder die Shekinah Heerlikheid, die Shekinah Lig neem nie die Woord van God en openbaar Jesus as 'n "fortuinverteller" nie, nee, soos die denominasies doen vandag nie: "verstandstelepatie, holy—roller, Beëlsebub." Die Shekinah Heerlikheid openbaar Hom nie daarvan nie.

327 Maar die Shekinah Heerlikheid maak die Saad ryp wat belowe is vir daardie uur, van die Woord, wat Hom wys as steeds die Lelie van die Dale. Dit bring daardie Saad voort, die Lelie van die Dale, die Brood van die Lewe, die Alfa en Oméga, dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Hy is die gelowiges se deel. Die Shekinah Heerlikheid openbaar, aan die gelowige, Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

328 Nie: "Die dae, Hy is verby, en Hy het gesterf en dis alles verby," nie. So vriend, as jy dit glo, as jy dit glo, het jy nooit daardie Shekinah Heerlikheid getref nie. Hoe kon die Shekinah Heerlikheid Hom ooit in drie persone openbaar? Sien? Hoe kon die Shekinah Heerlikheid Hom ooit openbaar asof gedoop, mense, in die naam van die "Vader, Seun, en Heilige Gees," waar daar nooit 'n persoon in die Bybel op daardie manier gedoop is nie? Hoe kon die Shekinah Heerlikheid Hom beperk tot 'n apostel, wanneer Hy dieselfde gister, vandag, en vir altyd is? Sien?

329 Die Shekinah Heerlikheid manifesteer Hom. Dit bring die Woord van belofte voort, reguit uit na jou. Dis hoekom Hy Moses se gesig moes versluier, want in hom was die Woord. Hy het Jesus versluier, as 'n nederige klein Mannetjie, om hulle weg te hou daarvan om Jehova te sien. En Hy versluier Homself vandag, in aardse houers, met die Shekinah. Die buitekant lyk soos 'n klomp holy—rollers, ou dassievelle, maar die binnekant steek die Shekinah Heerlikheid weg.

En Dit maak die Toonbrood ryp waarop ons voed, en oor die land ry vir, honderde van myle, sien. Dis die gelowiges se Voedsel. Dis net vir die gelowige. Onthou, die Toonbrood was net alleenlik vir die gelowige, sien, Toonbrood Saad. Let op. Wat doen dit? Die Shekinah Heerlikheid oor die Toonbrood, het gekeer dat Dit sleg word.

330 Onthou, die manna wat uit die Hemel gekom het, dit het gebly in die Shekinah Heerlikheid, van een geslag na die ander. Buitekant, het dit wurms ingekry, oornag, het dit sleg geword. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

331 Aan die buitekant van die Shekinah Heerlikheid: "Die dae van wonderwerke is verby. Sien, dis alles fanatisme." Maar binnekant . . .

332 Kyk, hulle het 'n bietjie sonneblomsaad gekry uit 'n skuur in Egipte wat daar gesit was in die dae van Josef, vierduisend jaar, amper, gelede. Josef het hulle in die skuur gesit. Hulle het hulle geplant. Hulle het gelewe. Hoekom? Hulle het lewe gehad.

333 Wat is hierdie Shekinah Heerlikheid vandag? Om deur die sluier te breek, om te sien Wie God is wat voor jou staan, Wie God is wat hier voor ons staan, die—die Vuurkolom. Hy is versluier in menslike vlees. Maar wat doen die Shek'nah, wat het dit gedoen? Die Toonbrood Saad, die Woord waarop ons moet lewe in hierdie dag, deur hierdie beloftes, maak die Shekinah Heerlikheid die Toonbrood ryp, laat dit plaasvind, maak dit Brood aan die gelowige; wat gelê het in die bladsye van die Bybel, jaar na jaar, die Woord vir hierdie eeu.

334 Vir die denominasies, is Dit 'n steen des aanstoots. Vir die denominasies, hulle struikel Daaroor. Dwarsdeur die jare, Luther, Wesley, Martin Luther, en almal, Sankey, Finney, John Smith, Knox, het almal Daaroor gestruikel.

335 Maar wat het dit gedoen in die laaste dae? Wat is "*om te openbaar*"? "Voort te bring!" Wat moet Maleági 4 doen? Om die mense terug te draai van die steen des aanstoots, om die tradisies af te breek, en die Brood met die Shekinah Heerlikheid te openbaar. Hou dop hoe Dit ryp word en net presies produseer wat Dit gesê het Dit sou doen, o, goeiste, die Toonbrood vir hierdie eeu. Vir die denominasie, 'n steen des aanstoots: "'n klomp fanatici." Maar, ons wat glo!

336 Maar nou, soos Openbaringe 10 beloof het: "Al die verborgenhede van God, wat weggesteek was in die bladsye dwarsdeur daardie jare, sou ryp gemaak word, voortgebring word in die tydperk van die sewende engel se Boodskap." Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

Wat het Hy gesê, 'n jaar en ses maande gelede, omtrent twee jaar gelede nou? "Gaan uit na Tucson; sal noord van Tucson wees, 'n groot ontploffing," en wat sou gebeur: "die Seëls sou geopen word," die Seëls wat hierdie dinge openbaar. Teruggekom net soos Hy gesê het.

Wat is dit? Dit wys Dit kan nie die mens wees nie. Dit tref presies, net so reguit as dit kan wees, elke keer. Wat is dit? Dis die hand van God, sien, voor ons. En omdat dit 'n klein groepie is, versluier in menslike vlees, is dit versluier vir die buitewêreld. Hy is weggesteek vir die buitewêreld. Hy openbaar Homself aan kindertjies wat wil leer. Sien? Dis reg.

337 Elke, sien, elke gelykenis in die Bybel, elke tipe van die Bybel, word reg hier voor ons gemanifesteer. Dieselfde God, in die Vuurkolom, wat die Bybel geskryf het, beide in die Ou en Nuwe Testament, is net hier en manifesteer Dit, wys net presies wat dit was, interpreteer reguit terug, en maak dit seker dat dit die interpretasie is.

338 "Ons het die interpretasie!" Laat ons dit dan sien gebeur. Sien, daar's dit, laat ons dit sien gemanifesteer word.

339 Manifesteer! Jesus het gesê: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My nie glo nie." Sien, dit moet bewys word.

340 Maar nou—nou, nie bewys soos Jesus nie, hulle het 'n—'n lap om Sy kop gesit en Hom op die kop geslaan, gesê: "As U 'n Profeet is, sê ons wie U geslaan het." "En as U die Seun van God is, verander hierdie brode." Sien, dis die Duiwel. "As U die Seun van God, kom af van daardie kr—. . . "

341 Ek bedoel, die Openbaring wat Hy veronderstel is om te doen, dis wat Dit is. Maar nou, omdat Openbaring 10 geopenbaar is, is die verborgenhede van God gemanifesteer, bekend, soos die Sewe—Seël Boek beloof het.

Nou laat julle geloof in Hom Wie die Woord is. Want, in Openbaringe 10 sê dit. . .

342 Of, Openbaringe 19, liewer. Ek het dit hier neergeskryf gehad, Openbaringe 10, om soontoe te gaan; maar dit is nie 10 nie, dis 19. Wanneer Hy kom, gaan Hy genoem word: "Die Woord van God," wat ry op 'n wit perd, en die volgelinge van die Hemel sal agter Hom wees.

343 Breek die denominasionele sluier van geleerdheid! Breek die denominasionele sluier van tradisie! Breek daardie sluiers wat Hom wegsteek van julle! Breek daardie sluiers van trots, julle vroue. Julle is—julle is Koningsdogters; tree so op, lewe so. Breek elke sluier, maak nie saak wat Ph.D. en LL.D. sê nie. As dit teenstrydig is met daardie Bybel, breek deur daardie sluier!

Want, ons het die geskeurde sluier oorgesteek. Ons is aan die ander kant nou, aan die anderkant. En julle sal sien, as julle dit net sal doen, daardie ou tradisies en dinge verbreek, en na Hom toe kom, sal julle Hom sien staan, die Magtige Oorwinnaar, die Woord van belofte vir hierdie eeu, gemanifesteer. Julle sal die Magtige God ontsluier sien, Hom hier reg onder ons sien, ontsluier, die Magtige God, onoorwonne deur tradisies.

344 Hulle probeer Hom daaragter wegsteek; hulle het, vir jare, maar die tyd van die belofte het naby gekom. God het eenkeer 'n Moses opgerig, en hy het die kinders vrygestel van hierdie dinge. En Hy is steeds. . .Hy kan nie oorwin word nie. "Hemel en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nie." Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

345 Hulle sê: "Dit kan nie gedoen word nie." Maar dit is gedoen. Dan, toe dit gedoen is, het hulle gesê: "Dis van die Duiwel."

346 Maar dit verander nie die Woord van God, enigsins nie. Dit bly steeds "God," aan die gelowige: "die Magtige Oorwinnaar; dieselfde gister, vandag, en vir altyd," deur Sy natuur, deur Sy Woord, Hebreërs 13:8.

347 Ek sluit af, deur dit te sê, want dis vyf minute voor twaalf, deur net dit te sê. Ek het omtrent nog tien, twaalf bladsye. Ek sal dit 'n ander keer kry, miskien vanaand.

348 Let op, let hierna op. Daar was 'n veiling eenkeer, en hulle het 'n ou viool gehad. Julle het dit baiekeer gehoor. 'n Ou viool; en die afslaer het gesê: "Wat word ek daarvoor aangebied?" Ek mag dit miskien nie net reg hê nie, volgens die gedig nie. Dit was baie baie jare, maar dit kom op in my gedagte. En hulle het hierdie ou viool opgetel, dit het nie na veel gelyk nie; lyk sleg, alles. Hy kon nie eens 'n bod daarop kry nie. Uiteindelik, ek dink hy het 'n bod vir 'n dollar gekry, of iets soos daardie.

349 En daar was een wat daar gestaan het nie gedink het dit behoort daarvoor te verkoop nie, so hy het gegaan en dit opgetel. Hy het dit in sy hande gesit, en die strykstok opgetel en dit geharpuis, en hy het 'n wysie gespeel. En toe hy het, het almal begin huil. Hulle het nooit sulke musiek in hulle lewe gehoor nie.

Toe het die afslaer gesê: "Wat word ek aangebied?"

350 "Tweeduisend!" "Vyfduisend!" "Tienduisend!" Sien? Wat was dit? Die meester se hand het geopenbaar wat versluier was in die ou instrument.

351 Dieselfde nou! Die ou Boek, Dis verslete, Daar's voor gelag, verbrand, bespot. Maar die tyd het aangebreek dat hulle 'n denominasionele veiling het, die Wêreldraad van Kerke. Hulle verkoop Dit as niemand se besigheid. Daar is 'n denominasionele veiling wat kom.

352 Maar, onthou, daar is iets in die ou Boek wat beloof het dat daar 'n voorbestemde, verordineerde hand eendag sal kom, wat Dit sou optel en die Woord van hierdie Boek sou maak, deur 'n voorbestemde hart, vir die taak waarvoor Dit gemaak is, die beloftes wat Daarin is, openbaar. Dit mag lyk, o, soos 'n ou klomp "holy—rollers" of so—iets; maar neem net die Meester se hand, die Woord Daarop, om daardie Woord te openbaar, en dit word meer as 'n "holy—roller." Dit het dit vir elkeen van ons geword, het dit nie, vriende? Dis nie 'n klomp fanatisme nie. Dit hang af in wie se hand die strykstok is.

Laat ons bid.

353 Ons Hemelse Vader, deur geloof sien ek vandag die Meester van die ou Boek, wat hulle vir tradisies verruil het. Hulle het Dit vir denominasies verruil. Hulle het Dit probeer uitruil. Nou ruil hulle Dit vir 'n—'n Wêreldraad van mense, van kerke, kommunisties, ateïsties. Die veiling is aan, Here.

354 God, stap vorentoe! Sekerlik, sal U. Stuur ons daardie profeet, Here, wat daardie strykstok optel, wat hierdie Woord optel en bewys dat Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en

vir altyd is. Baie, Here, sal hulle lewens verkoop, hulle sal die ou tradisies weggooi, hulle sal die sluiers verbreek. Hulle wil Dit hê, Here. Hulle sal enigiets gee, enigiets, gee hulle net Jesus.

355 Here, ek dink U het Dit nou aan hulle bewys. Hulle kom van oral. Hulle spandeer hulle lewensmiddele. Hulle doen enigiets, om te probeer kom by die dienste, om alles te doen wat hulle kan, omdat hulle daardie Pêrel van groot waarde gevind het. Ander dinge is baie min. Seën hulle, Vader.

356 Op hierdie preekstoel lê, vanmôre, Here, lê sakdoeke. Miskien sal party van hulle vandag moet vertrek, voor die genesingsdiens vanaand. O Ewige God, kyk af. Ek weet U is hier, U is versluier. En ek stuur hierdie klein sluiers, Here, naamlik "sakdoeke," en klein "voorskote," en klein "skoentjies" vir klein babatjies. Ek stuur hulle as klein sluiertekens, dat U Woord daaroor gepreek is vanmôre, en, as 'n gelowige, lê ek my hande op hulle, my liggaam, en wys dat ek Dit glo. En, deur geloof, doen elkeen in hierdie gebou dieselfde, Here. Mag die siekes gesond word.

357 U kan die—die Woord hiervandaan streel, Here, soos die ou violis daardie viool, maak dit so, Here. Laat dit die regte wysie speel, strykstok in die Meester se hand, dan sal ons Hom oop en bloot sien staan.

358 Hoe daardie mense daardie dag moes gedink het, toe hulle niks wou gee nie, toe hulle niks vir die ou viool gegee het nie. Hulle wou dit nie gehad het nie. Hulle wou dit nie in hulle huis gehad het nie. Maar toe dit eenmaal opgetel was deur iemand wat dit kon bemeester, toe het hulle alles verkoop wat hulle gehad het, om dit te kry. Hulle het gestry en baklei daaroor. Dit was toe te laat.

359 So sal dit wees, een of ander tyd, wanneer die Basuin van die Here sal weerklink, tyd sal nie meer wees nie. Diegene wat na gekyk was en bespot was, wat daar voor die oop sluier gestaan het, en die Woord van God gemanifesteer gesien het. Andere sal Daarvoor uitroep, maar, soos U gesê het: "Dit sal dan te laat wees" (hulle het in die Bruilofsmaal ingegaan), en hulle was uitgelaat waar daar 'n gehuil, 'n geskree, en 'n gekners van tande was.

360 Help elke persoon om te glo, vanmôre, Vader; breek deur elke sluier van selfsugtigheid, elke sluier van ongeloof, en sien die Magtige Oorwinnaar ontsluier voor die gelowiges. Want: "Kyk, Ek is altyd met julle, selfs tot die einde van die wêreld. 'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien." Toon Uself onder ons, Here, soos U gedoen het. Bly altyd so totdat ons sigbaar voor U is, wanneer die en morphe verander word en U weer Seun van die mens word, en Seun van Dawid. Skenk dit, Here, deur Jesus Christus se Naam.

Terwyl ons ons hoofde buig, almal in gebed.

361 Wonder vandag of daar sommige hier is wat. . . binnekant of buite. Daar is geen manier om 'n altaar oproep hier na bo te bring nie, want daar's geen plek nie. Maar ek wonder, opreg, glo julle hierdie is die Waarheid? Glo julle dat in hierdie dag waarin ons lewe, en al hierdie chaos en wetenskaplike eeu soos dit was in die dae van Noag, in die dae van Moses, die dae van Christus, dat God, die groot Vader van ons almal, wat in Hom ingebore is, vandag onder ons staan?

362 Hierdie sigbare Vuurkolom wat wetenskaplik bewys is, baie jare gelede, as 'n klein seuntjie, met my daarbuite gepraat het en my vertel het ek sal net hier woon, wat sou gebeur. Julle daarvan vertel, en toe het Dit. . . Eendag onder op die rivier, voor die bediening begin het, eerste herlewing, het Hy in die hemele verskyn, Homself geïdentifiseer en die opdrag gegee. Al hierdie jare het ek dit in my hart weggesteek, Christus versluier, selfde Vuurkolom wat die Woord interpreteer, soos beloof. Ons is in die laaste dag, net die Koms van die Here. En as jy jouself buitekant daardie sluier bevind, wat die dood is om uit te bly, sal jy deur geloof, vanmôre, sê: "Met die hulp van God. En met U hulp, Here, wil ek deur daardie sluier breek. Ek wil inkom waar U is, om die volle Woord van God te sien"?

363 Moenie probeer om 'n Moses te wees nie. Moenie probeer om 'n Aäron te wees nie. Moenie. Wees net wie jy is, maar wees 'n Christen.

364 Sal julle, met julle hoofde gebuig, julle hande opsteek na God, en sê: "Here God, help my binne—in die sluier in"? God seën julle. God seën julle. Dis, kyk net na die hande!

365 Buitekant, onthou, ek mag nooit jou hand sien nie. Dit is nie—dit is nie baie werd vir my om dit te sien nie, in elk geval; dit is, God. Dit slegs, vir my, dit laat my net sien dat die—die Saad iewers geval het, en, maar God sien die regte hart.

366 As daar enige andere is wat nie hulle hande opgesteek het nie, nou sou wou opsteek, steek julle hande op en word onthou in gebed. Steek julle hande op. God seën julle. Dis goed. God seën julle.

367 Vader, ons bid vandag dat diegene, Here, wat nog nie deur daardie sluier is nie. Hulle staan daarbuite soos Israel; hulle hou dop. Hulle glo, maar hulle het nog nooit Hierin ingebreek nie, om daardie groot Shekinah Lig te sien, beide geestelik en fisies nie, in soverre dat 'n meganiese oog van die kamera die foto bly neem; net twee weke gelede, Dit weer gevang. U openbaar Uself, Here, die Magtige God ontsluier vir die gelowige; steeds versluier vir die ongelowige, maar ontsluier vir die gelowige.

Mag hulle deurbreek, vandag, Here, Sy groot prag en Sy Heerlikheid sien. Mag hulle harte verander word voordat ons selfs terugkom na hierdie kerk vanaand. Mag hulle almal gevul

word met U Gees, U Teenwoordigheid. Mag die Meester daardie geloof optel wat hulle het, dit oor die Woord trek; mag die wysie terugkom: "Jy is verordineer, voor die grondlegging van die wêreld, om Dit te glo. Glo, My kind, en word gered."

368 Vader, God, ons vertrou hulle toe in U hande nou, met die besef dat daar niks meer is wat ons kan doen nie. Dis alles met U nou, Vader. Ek gee hulle aan U. In die Naam van Jesus Christus, U Seun. Amen.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat . . . eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Golgota se boom.

369 Het julle Hom lief? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

Wonderlik, wonderlik, is Jesus vir my,
Die Raadsman, Vredevors, Magtige God is Hy;
Hy red my, weerhou my van alle sonde en skande,
Wonderlik is my Verlosser, prys Sy Naam!

Eens was ek verlore, nou's ek gevind, vry van veroordeling,
Jesus gee vryheid en 'n volle verlossing;
Red my, weerhou my van alle sonde en skande,
Wonderlik is my Verlosser, prys Sy Naam!

O, wonderlik, wonderlik, is Jesus vir my,
Die Raadsman, die Vredevors, die Magtige God is Hy;
O, red my, weerhou my van alle sonde en skande,
Wonderlik is my Verlosser, prys Sy Naam!

370 Hoeveel sien Hom staan, die Magtige Oorwinnaar, die vleesgeworde Woord, voor ons ontsluier; die Alfa, die Oméga; Hy wat Was, Wat Is, en Sal Kom; die Oorsprong en Nageslag van Dawid, was die Seun van die mens, Seun van God, Seun van die mens, en die Seun van Dawid sal wees? Glo julle Dit met julle hele hart? [Die gemeente sê: "Amen."—Red.] Ontsluier Homself in elke tydperk, gebring na die gelowige, versluier Homself in menslike vlees vir die ongelowige. Hy is weggesteek agter 'n sluier. Mag God elke sluier breek, en ons sien Hom soos Hy is!

Jesus breek al die bande,
Jesus breek al die bande,
O, Jesus breek al die bande,
Wanneer Hy jou vrymaak!

Aan die ander kant van die Jordaan,
In die soet velde van Eden
Waar die Boom van die Lewe blom,
Is daar rus vir my.

Jesus breek . . .

Wil julle nie nou die Jordaan oorsteek nie? Is die nie lank genoeg in die wildernis nie? Laat ons oorgaan in die beloftes!

Jesus breek al die bande,
Jesus breek al die bande,
O, wanneer Hy jou vrymaak!

371 Laat ons nou ons hand opsteek.

Ek sal Hom ewiglik, ewiglik prys,
Ek sal Hom ewiglik, ewiglik prys,
Ek sal Hom ewiglik, ewiglik prys,
Want Hy maak my vry!

372 Amen! Laat dit jou nie goed voel nie? [Gemeente sê: "Amen Red."—.] O, hoe wonderlik! Hoe wonderlik, is Hy dan nie? Laat ons hande skud met mekaar nou, sê:

Jesus breek al die bande,
Jesus breek al die bande,
O, Jesus breek al die bande, (God seën jou, broer.)
O, en Hy stel jou vry!

Ek sal Hom ewiglik, ewiglik prys (die Magtige God)
Ek . . . ("Dieselfde gister, vandag, en vir altyd," net Sy vorm verander.) . . . prys Hom,
Ek sal Hom ewiglik, ewiglik prys,
Want Hy't (al die geloofsbelydenisse weggeneem van my af) my vry . . . (om Sy Woord te glo).

373 O, kan julle nie die Meester se Viool hoor oortrek, die strykstok oor die Woord nie? Hy's dieselfde gister, vandag!

Ek sal Hom ewiglik, ewiglik prys,
Ek sal Hom ewiglik, ewiglik prys,
Ek . . . (Hom, die Woord!) . . . Hom ewiglik, ewiglik prys, (Wat het Hy gedoen?)
Want Hy maak (agter die gordyn) my vry!

374 Prys God! Ek het Hom lief. Het julle Hom nie lief nie? [Gemeente: "Amen."—Red.] Is hierdie nie Hemels nie? ["Amen."] Ek hou van daardie eienskappe van die Woord, sien, net die Heilige Gees op daardie teer, nederige manier. Ek—ek hou net Daarvan. O, dink net!

Aan die ander kant van die Jordaan, (ek nader dit nou),
In die soet . . . (onsterflike) van Eden, . . . (Wat sal ek daar vind?)
Waar die Boom van . . . (dit was in die tuin van Eden) blom,
Is daar rus vir my.

375 Wil julle gaan? Hy verbreek al die bande.

Jesus breek (elke tradisie) al die bande,
Jesus breek al die bande (alle denominasies, alle geloofsbelydenisse),
Breek al die bande,
En Hy maak jou vry!

376 Prys God! Ek het Hom net lief. Geen wonder Jesaja het gesê nie: "Hy's die Raadsman, die Vredevors, die Magtige God, die Ewige Vader, Wonderlik!"

Wonderlik, wonderlik, is Jesus vir my,
Raadsman, Vredevors, die Magtige God is Hy;
Hy red my, weerhou my van alle sonde en skande,
Wonderlik, my Verlosser, prys Sy Naam!

377 O, goeiste! Dit beweeg my hart. Hoe wonderlik is Hy! Ek sê julle, daar is geen einde Hieraan nie. Dit, ek het Hierin gekom drie—en—dertig jaar gelede, so gevoel. En as Hy talm, gaan ek eendag my oë sluit, ek gaan op dieselfde manier uit. Amen!

Wonderlik, wonderlik, is Jesus vir my,
Hy's die Raadsman, my Vredevors, Magtige God is Hy;
Hy red my, Hy weerhou my van alle sonde en skande,
Wonderlik, my Verlosser, prys Sy Naam!

378 Ek kan die res van die dag hier bly, Daarin. Paulus het gesê: "As ek sing, sal ek sing in die Gees. Uh—huh. "As ek preek, sal ek preek in die Gees. As ek loop, sal ek loop in die Gees. As ek praat, sal ek praat in die Gees." Laat alles gedoen word deur die Woord en die Gees. Ja, meneer. Amen! Dis alles God se Waarheid.

379 Ek sien Hom, die Magtige God, ontsluier. Ek sien Hom die geloofsbelydenisse terugtrek, die denominasies; die—die skeptici terugtrek, die opvoedkundige programme, en alles; vorentoe loop, daar staan. Dink julle die geloofsbelydenisse kan Hom oorwin? Dink julle die denominasies kon Hom oorwin? Dink julle die Wêreld Raad kan Hom oorwin? Hy het alles oorwin, elke band verbreek, die hel oopgeskeur; die seël afgeskeur, die Allerheiligste binnegegaan; Homself ontsluier vir ons, as die Woord, dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Amen. Ek het Hom lief.

380 Nou, totdat ons vanmiddag ontmoet, wil ons een ding doen, dit is:

Neem die Naam van Jesus met jou,
Kind van droefheid en van wee;
Dit bring troos en vreugde vir jou,
O, neem Dit oral met jou mee.

Dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're Naam . . . (Ja, ek het hulle, alreeds.)
. . . O hoe soet!
Aardse hoop en . . .

[Broer Branham praat met iemand op die platvorm—Red.]

381 As die Satan julle probeer versoek, dat julle nie na die regte ding kyk nie, wys hom op die Woord soos Jesus het. Sien? Sien? Amen!

Voor die Naam van Jesus buigend,
Plat neerval voor Sy voete,
Koning van konings sal ons Hom in die Hemel kroon,
Wanneer ons reis verby is.

Dierb're Naam, dierb're Naam!
Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd.

382 Billy sal in wees, omtrent sesuur, en gebedskaarte uitgee aan diegene wat wil inkom in die gebedslyn. Ek dink ons moet dit liewer doen. Ons sou nie, maar, vanweë die skare, moet ons dit liewer doen, julle sien.

383 Nou onthou Hom! Hou Hom altyd in julle gedagte, in julle hart. Waar ook al julle gaan, sien, hou Jesus in gedagte.

Neem die Naam van Jesus met (luister nou) jou
As 'n skild teen elke strik, (wat gebeur?)
Wanneer versoekinge jou omsingel, (wat moet jy doen?)
Prewel net daardie Heilige Naam in gebed.

Dierb're Naam, dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd.

384 Laat ons ons hoofde buig nou. Ek gaan die pastoor vra of hy sal kom en die gehoor verdaag. Broer Neville, God seën jou, Broer Neville.

Die Ontsluiering Van God AFR64-0614M
(The Unveiling Of God)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik in Engels gelewer op Sondagoggend, 14 Junie, 1964, by die Branham Tabernakel, in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., was oorspronklik van die magnetiese bandopname afgeneem en onverkort deur Voice of God Recordings gedruk. Hierdie Afrikaanse vertaling was gedruk in 2002 deur:

©2002 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org